47/85

Saak Nr 245/83
M C

TRANS-NATAL STEENKOOLKORPORASIE BEPERK

- en -

CHRISTIAAN FREDERICK VAN DER MERWE

VIVIER Wnd AR.

Saak nr 245/83
M C

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

TRANS-NATAL STEENKOOLKORPORASIE BEPERK — Appellant (Verweerder in die Hof *a quo*)

- en -

CHRISTIAAN FREDERICK VAN DER MERWE — Respondent (Eiser in die Hof *a quo*)

CORAM: KOTZé, TRENGOVE, CILLIé, BOTHA ARR *et* VIVIER WND AR.

Verhoor: 13 MAART 1985.

Gelewer: 21 MEI 1985.

---

U I T S P R A A K

VIVIER / ........

VIVIER WND AR :-

Die respondent is die eienaar van twee plase naby die dorpie Settlers in die distrik Warmbad. Gedurende 1976 was die appellant besig met 'n soektog na onedele minerale op die sogenaamde Springbokvlakte, waarvan die gebied waar eiser se plase geleë is, deel vorm. Op 2 Junie 1976 het die respondent en die appellant, na wie ek as die eiser en verweerder onderskeidelik sal verwys, twee skriftelike benoemings=kontrakte gesluit ingevolge waarvan eiser aan verweerder, as sy benoemde, die reg verleen het om op sy onderskeie plase na edelmetale en onedele minerale te prospekteer en 'n mynhuur oor die grond te verkry. Ingevolge die bepalings van art 19 van die Wet op Mynregte, No 20 van 1967, is die

twee / ........

twee kontrakte op 28 Junie 1977 notarieël verly en daarna behoorlik in die Mynbriewekantoor geregistreer. Die kontrakte sou duur tot 7 Mei 1981.

Op 23 Julie 1979 het die partye twee verdere skrif= telike kontrakte gesluit ingevolge waarvan die oorspronklike kontrakte verleng is tot 6 Mei 1983. Die wysigende oor= eenkomste is op 5 Junie 1980 notarieël verly en op 14 Augustus 1980 geregistreer.

In 'n geding wat hy teen verweerder in die Transvaalse Provinsiale Afdeling ingestel het, het die eiser beweer dat hy tot die sluiting van die wysigende ooreenkomste beweeg is deur sekere wanvoorstellings wat verweerder se amptenare gemaak het by 'n vergadering van 3 Julie 1979. Eiser het gevolglik 'n bevel aangevra wat

verklaar dat hy geregtig was om die wysigende ooreenkomste te kanselleer (soos hy gedoen het in 'n brief van sy prokureurs gedateer 17 Maart 1981) en dat gelas word dat die registrasie van die wysigende ooreenkomste rojeer word. Die aksie is deur die verweerder teengestaan, en na 'n lang verhoor het MYBURG HR die eiser se eis gehandhaaf met koste, insluitende die koste van twee advokate. Met verlof van die verhoorregter appelleer die verweerder nou na hierdie Hof teen die hele uitspraak en bevel van MYBURG HR.

Die wanvoorstellings waarop eiser steun is as volg in die pleitstukke geformuleer :-

"5.1 Dat die gangbare vergoeding en/of markprys vir die betrokke gebied in die omgewing van SETTLERS ten opsigte waarvan verweerder mynbou-aktiwiteite beoog het en ten opsigte waarvan verweerder as deel van verweerder

se projek besig was om minerale regte van die boere te bekom, R360,00 per hektaar beloop en sal beloop;

5.2 Dat die beoogde vergoeding van R360,00 per hektaar die hoogste prys was wat verweerder aan boere in die betrokke gebied met betrekking tot die betrokke projek aanbied / of sal aanbied;

5.3 Dat alle boere in die betrokke gebied met betrekking tot die betrokke projek gelyke behandeling van verweerder ontvang en sal ontvang;

maar dat die voorgaande onderhewig sou wees aan enkele uitsonderings van boere met wie reeds kontrakte teen 'n vergoeding van R400,00 per hektaar gesluit was."

Die vergadering van 3 Julie 1979, waar die wan= voorstellings volgens eiser gemaak is, het teen die volgende agtergrond plaasgevind. Ingevolge die oorspronklike

benoemingskontrakte, het verweerder onderneem om aan eiser vergoeding van R150,00 per ha te betaal sodra verweerder 'n mynhuur oor die grond verkry het of sy reg uitgeoefen het om die ooreenkoms tot 'n ewigdurende tydperk te verleng. Daarbenewens was prospekteergelde betaal= baar wat vanaf R1,00 per ha in die eerste jaar tot R2,00 per ha in die vyfde en laaste jaar gestyg het. Voordat die oorspronklike benoemingskontrakte notarieël verly kon word, is verweerder deur die prokureur van een van die ander boere oorreed om die vergoeding te koppel aan die verbruikersprys-indeks, en verweerder het toe besluit om in alle ander gevalle dieselfde te doen. Gevolglik is met die notariële verlyding van die oorspronklike benoemings=

kontrakte 'n wysiging aangebring om voorsiening te maak vir 'n aanpassing in die vergoeding van R150,00 gebaseer op die verbruikersprys-indeks. Behalwe die eiser, het ongeveer 74 ander grondeienaars op soortgelyke terme met verweerder gedurende die tydperk 1975-1976 in die Settlers-gebied ooreengekom. In geen geval het verweerder in daardie tydperk onderneem om 'n hoër ver= goeding as R150,00 per ha, gekoppel aan die verbruikersprys-indeks, te betaal nie.

Eiser se getuienis was dat tydens die onder= handelings wat die sluiting van die oorspronklike benoemingskontrakte voorafgegaan het, mnr Nimrod Lategan, namens verweerder, aan hom gesê het "die minerale regte behoort aan die staat en niemand sal meer as R150 per ha

in / ........

in die gebied ontvang nie". In Januarie 1978 het mnr Willie Lategan, namens verweerder, hom gevra om sy invloed te gebruik om die eienaars wat nog nie met verweerder ooreengekom het nie, te oorreed om te teken, en Willie Lategan het ook gesê dat niemand in die omgewing meer as R150,00 per ha sou kry nie. Gedurende Mei of Junie 1978 het hy egter gehoor dat verweerder op vergoeding van R400,00 per ha met sekere ander eienaars ooreengekom het. Hy het gevolglik sy prokureur opdrag gegee om 'n brief, gedateer 22 Maart 1979, aan verweerder se besturende direkteur te skryf waarin beweer word dat eiser die oorspronklike benoemingsooreenkomste geteken het op sterkte van 'n voorstelling dat dieselfde vergoeding vir alle eienaars betaal word. In die brief word 'n persoonlike

onderhoud / .....

onderhoud aangevra, waarby verweerder se twee amptenare, mnre Lategan en Vogelsang, teenwoordig moes wees. Verweerder se antwoord is gedateer 18 April 1979. Omdat die verhoorregter steun in hierdie brief vind vir sy bevinding dat daar 'n wanvoorstelling gemaak is op die vergadering van 3 Julie 1979, is dit nodig om die ter= saaklike gedeelte van die brief volledig aan te haal:-

> "Wat betref die agtergrond van die omstandighede met betrekking tot die hoër terme en voorwaardes van prospekteerkontrakte in die gebied, vermeld ons graag die volgende aan u:
>
> (i) Opposisie mynmaatskappye het teen die laaste helfte van 1977 die gebied waarin hierdie maatskappy belangstel om eksplora= siewerk te doen, betree en met sekere eienaars onderhandel en hoër terme aan= gebied.

(ii) Noodgedwonge was daar deur ons besluit om teen hoër terme met eienaars, pros=pekteerkontrakte te sluit om sodoende sover moontlik die gebied te konsolideer.

In sekere geïsoleerde gevalle het ons dan ook met eienaars so ooreengekom. Indien ons nie hierdie optrede gevolg het nie, het ons die gevaar geloop om beheer te verloor oor sekere moontlike potensiële, belangrike mineralegebiede.

Dit is onverstaanbaar waarom u kliënte verontreg voel. Immers het hulle 'n gewone besigheids=transaksie gesluit, waarin hulle hul eie oordeel aan die dag kon lê. Die amptenaar van hierdie maatskappy wat betrokke was by die onderhandelinge het sekerlik slegs bedoel dat alle eienaars wat tot op daardie stadium geteken het, teen dieselfde terme ooreengekom het as dié wat met u kliënte ooreengekom is. Ons glo egter nie dat daar aan u kliënte voorgehou kon word dat daar met alle eienaars in die verre toekoms eners ooreengekom sou word nie. Dit is tog begryplik dat dit onmoontlik is om te verwag dat soveel verskillende persone dieselfde sal dink en besluit oor 'n transaksie van hierdie aard, veral na verloop van 'n redelike tyd."

Eiser / .......

Eiser was nie met hierdie antwoord tevrede nie en op 12 Junie 1979 het hy deur sy prokureur 'n brief aan verweerder se besturende direkteur geskryf, waarby aangeheg was 'n verklaring onderteken deur eiser en twaalf ander eienaars, waarin die bewering herhaal word dat die benoemingskontrakte aangegaan is op sterkte van 'n voor=stelling dat "die mineraalregte aan die Staat behoort en om dié rede word alle eienaars R150,00 per ha betaal". Daarin word ook gesê dat, vertrouende op dié voorstelling, die eienaars aanvaar het dat die vergoeding van R150,00 "vasstaan en nie oorskry sal word nie". Daar word daarop gewys dat sekere kontrakte sedertdien teen R400,00 per ha gesluit is. 'n Onderhoud word gevolglik aangevra "ten einde regstelling te verkry".

Op 3 Julie 1979 is die vergadering gehou by verweerder se kantore in Johannesburg. Dit is bygewoon deur 8 boere, insluitende die eiser, en drie van verweerder se amptenare, naamlik mnre Willie Lategan, Becker en Linning. Die 8 boere het almal soortgelyke kontrakte met verweerder gedurende 1976 aangegaan en eiser het getuig dat hulle die eienaars aan wie vergoeding van R150,00 per ha betaalbaar was, verteenwoordig het. Eiser het by die vergadering as die eienaars se segsman opgetree. Willie Lategan is verweerder se mynregte=bestuurder, Linning sy raadgewende senior geoloog en Becker is 'n senior mynregbeampte. By die vergadering het Lategan as verweerder se woordvoerder opgetree.

Voordat ek handel met die getuienis oor wat op die vergadering gebeur het, is dit gepas om te verwys na die vergoeding waarop verweerder intussen met ander grondeienaars in die Settlers-gebied ooreen= gekom het, na die aanbiedinge wat aan ander eienaars gemaak is en na sekere interne memoranda wat vooraf deur verweerder se gemelde drie amptenare opgestel is met betrekking tot die verkryging van regte in die gebied. Vier kontrakte is gedurende 1977 gesluit, almal teen hoër vergoeding as R150,00 per ha, naamlik een teen R175,00 per ha en drie teen R250,00 per ha. In elke geval is voorsiening gemaak vir die nodige aanpassing, gegrond op die verbruikersprys-indeks. Gedurende 1978

het / ......

het die vergoeding wat verweerder onderneem het om te betaal, verder gestyg tot R300,00 per ha (twee gevalle), en R400,00 per ha (ses gevalle). Daarbenewens het verweerder gedurende 1978 onderneem om vergoeding van R480,00 per ha te betaal in die geval van vyf mede-eienaars van 'n stuk grond. Hieruit is dit duidelik dat die vergoeding wat verweerder onderneem het om te betaal, sedert die begin van 1977 deurgaans gestyg het. Aan ander eienaars wat geweier het om met verweerder ooreen=komste te sluit, is onsuksesvolle aanbiedinge gemaak wat in sommige gevalle gedurende 1978 van R400,00 per ha tot R500,00 per ha gestyg het. Die redes vir die styging in pryse was nie in geskil nie, naamlik dat resultate van

toetsboorgate in die jare tot 1981 'n al hoe gunstiger aanduiding van steenkoolneerslae in die omgewing getoon het, met die gevolg dat mense se verwagtinge en daarmee die pryse gestyg het. Die gunstige resultate het ook opposisie-maatskappye gelok wat aanbiedinge gemaak het wat die pryse verder laat styg het. In die brief van 18 April 1979, waarna ek hierbo verwys het, maak ver=weerder juis melding van die verskyning van sy konkurrente.

In 'n memorandum gedateer 13 Junie 1979 wys Linning daarop dat 'n aantal kontrakte, ingevolge waarvan 'n vergoeding van R400,00 betaalbaar was, voor einde Junie 1980 verval en dat gepoog moet word om van die eienaars 'n verlenging daarvan te verkry. Hy stel voor dat die vergoeding met vyf persent, d w s tot R420 per

ha, verhoog en aan die verbruikersprys-indeks gekoppel word. Nege eienaars, wat 'n totale area van 3187 ha besit, was by die voorstel betrokke. Becker wys egter in 'n memorandum gedateer 19 Junie 1979 daarop dat, indien eers met laasgemelde eienaars onderhandel word voordat onderhan= delings met die ongeveer 75 eienaars aan wie vergoeding van R150,00 per ha betaalbaar is, aangeknoop word vir die verlenging van hul kontrakte, dit sou beteken dat vergoeding van minstens R420,00 per ha ook aan die 75 eienaars aangebied sou moet word. Hierdie eienaars besit saam 21800 ha. Becker stel dus voor dat daar eers met die 75 eienaars om 'n verlenging van hul kontrakte onderhandel word. Hy bereken dat sy voorstel die verweerder R4,6 m sal bespaar. Becker se voorstel is deur Linning aanvaar, wat daarna, in 'n memorandum gedateer 27 Junie 1979,

voorstel dat eers met die eienaars aan wie vergoeding van R150,00 per ha betaalbaar is, onderhandel word, en wel om hul kontrakte met twee jaar te verleng teen betaling van vergoeding van R360,00 per ha. Linning meld in sy memorandum dat die R150,00 per ha eienaars "bewus is van die R400,00 kontrakte en al petisies opgetrek het in 'n poging om ook hulle kontrakte na R400,00 verhoog te kry".

Dit bring my by die vergadering van 3 Julie 1979. Namens eiser het hyself en twee van sy medeboere, mnre Wierenga en Pretorius, getuig oor wat daar plaasgevind het. Namens verweerder het die gemelde drie amptenare wat teenwoordig was, getuig.

Volgens / ......

Volgens eiser het hy ter aanvang by die vergadering gesê dat sy groep ontevrede is omdat hulle nie gelyke behandeling kry nie, want sommige boere het reeds vergoeding van R400,00 per ha beding. Hierop het Lategan aangekondig dat verweerder begerig was om die kontrakte van eiser en sy groep met twee jaar te verleng met 'n verhoging van die vergoeding tot R360,00 per ha, sonder aanpassings gekoppel aan die verbruikersprys-indeks. Lategan het bygevoeg dat hierdie aanbod finaal was. Die boere is 'n maand tot ses weke geleentheid gegee om te besluit. Eiser en een van die ander boere is hierop met 'n rekenaar na 'n ander vertrek om berekenings te doen. Hulle het teruggekom en eiser het aan die boere gesê dat hulle ongeveer R40,00 per ha beter daaraan toe

is ingevolge die nuwe aanbod. Hierna het eiser aan Lategan gevra wat met die eienaars sou gebeur aan wie vergoeding van R400,00 per ha betaalbaar was, waarop Lategan geantwoord het dat hy "nie hare moet kloof nie, hulle is maar net 'n paar, maar die ander mense sal op die R360-kontrak vasstaan". Eiser het ook aan Lategan gevra wat van die eienaars wat nog nie geteken het nie. Lategan het geantwoord: "Hierdie manne gaan nog huil en ons gaan hulle forseer om te teken".

Eiser het getuig dat, as gevolg van wat Lategan aan hom gesê het, hy vas geglo het dat niemand in hul gebied meer as R360,00 per ha sou kry nie. Dit blyk nie uit eiser se getuienis-in-hoof dat enige van ver=weerder se amptenare uitdruklik só aan hom gesê het nie.

Aanvanklik het hy in kruisverhoor wel gesê dat die boere uitdruklik verseker is dat niemand in die Settlers-gebied meer as R360,00 per ha sou kry nie. Toe hy deur mnr Cohen, namens verweerder, gevra is om te sê waaruit die wanvoorstelling bestaan het, het eiser as volg geantwoord:-

> "Daar is aan ons gesê dat niemand meer as R360,00 op die Springbokvlakte of die Settlersgebied, wat ons dit ookal noem, sal aangebied word nie en daardie aanbod is nou finaal."

Met hierdie getuienis moet sy verdere getuienis onder kruisverhoor vergelyk word. Nadat hy met mnr Cohen saamgestem het dat die samesprekings eintlik gegaan het oor die eienaars wat op R150,00 per ha met verweerder ooreengekom het, is hy gevra om te sê hoe dit gekom het dat gesê is dat die prys van R360,00 ook sou geld vir

almal in die gebied. Eiser het geantwoord dat dit ter sprake gekom het toe hy gevra het wat van die mense wat nog nie geteken het nie. Hy het toe uit die antwoord "hulle sal nog huil" afgelei dat niemand in die gebied meer as R360,00 per ha sou kry nie. Eiser het op daardie stadium van sy getuienis uitdruklik en by herhaling gesê dat Lategan nie so gesê het nie, maar dat dit slegs sy eie afleiding was, dat niemand in die gebied meer as R360,00 per ha sou kry nie. Die verhoorregter het tussenbei gekom en die eiser se getuienis het as volg verloop:-

> "HOF: Maar dan sê u nou vir die advokaat hy het nie grammatikaal die woorde gebruik 'niemand sal meer as R360 kry nie'? --- Hy het dit nie, toe ek hom daardie vraag gevra het, wat nou van die Hollanders wat nou nog nie geteken het nie of wat nog

weier om te teken, wat ek nou bedoel, toe het hy gesê hulle sal nou huil of hulle gaan nou huil en hulle gaan geforseer word om te teken.

Wag nou daar. En u sê daarvan het u toe afgelei dat dit beteken dat niemand sal meer as R360 kry nie? --- Dit is korrek.

Dit was nou u afleiding? --- U afleiding en die mense ook van die vergadering want toe ons nou klaar weg is toe het ons nog die ding bespreek, ek meen .... (Hof tussenbeide)

Nee maar ons praat nou nie as julle weg is nie. --- Ja goed. Dit is reg, dit was my afleiding."

Eiser se getuienis verskil van dié van Wierenga. Laasgenoemde se weergawe van wat op die vergadering gebeur het, was dat nadat Lategan op die eiser se vraag oor die persone wat nog nie geteken het nie, gesê het: "Dit is hulle wat gaan huil", daar deur die boere gevra is "maar sal u meer gee vir enigeen op die vlakte".

Hierop het Lategan geantwoord: "Niemand gaan meer as R360 kry nie". In kruisverhoor het Wierenga sy getuienis verander toe hy gesê het dat dit eintlik sy eie woorde was. Sy weergawe onder kruisverhoor was dat, nadat Lategan te kenne gegee het dat diegene wat nog nie geteken het nie, sou huil, hyself gevra het: "Dus niemand gaan meer kry as R360 nie, dit is nou julle prys". Hierop het Lategan bevestigend geantwoord.

Die weergawe van Pretorius verskil van dié van beide eiser en Wierenga. Volgens Pretorius het eiser op die vergadering gevra, net nadat die persone aan wie vergoeding van R400,00 per ha ter sprake was, "gaan niemand in die toekoms meer as R360, per ha kry nie",

waarop die antwoord was: "Nee, dit is finaal, niemand sal meer as R360 kry nie".

Mnr Willie Lategan het getuig dat dit nie verweerder se beleid is om gehoor te gee aan klagtes van eienaars met wie reeds ooreengekom is nie, en dat indien verweerder nie begerig was om 'n verlenging van hul kontrakte te verkry nie, die vergadering met die boere nie belê sou gewees het nie. Hy het dit op die vergadering uitdruklik gesê, asook dat, indien die eienaars vergoeding van R360,00 per ha wou hê, hulle die kontrakte met twee jaar moes verleng. Linning het daarna verduidelik waarom verweerder meer tyd nodig het. Op eiser se navraag omtrent die boere wat geteken het vir R400,00 per ha, het Lategan geantwoord: "Hulle is

nie / .......

nie baie nie, moenie hare kloof nie, ons aanbod is finaal, R360 'n hektaar". Lategan het getuig dat hy slegs bedoel het om te verwys na die boere aan wie vergoeding van R150,00 per ha betaalbaar was. Hy het verder bevestig dat hy, verwysende na diegene wat nog nie geteken het nie, gesê het dat van hulle nog kan huil. Met die beweerde wanvoorstelling het Lategan as volg gehandel:

> "Mnr Lategan daar is 'n voorstel gemaak deur mnr Wierenga dat jy was gevra of meer as R360 sou betaal gewees het in die toekoms aan enige van dié wat nog nie geteken het nie en dat jy 'n versekering gegee het dat General Mining of Trans-Natal nooit meer as R360 aan enige van hulle sou betaal nie? --- Dit is absoluut onwaar.
>
> Jy het wel gesê dat die prys van R360 finaal was? --- Dit is korrek.

En in die konteks waarna het jy dan verwys? ---Ek het verwys na waarom dit gegaan het, waarom die vergadering beroep was, was met die boere wat geteken het vir R150 ,'n hektaar plus V P I, dit was net op hulle van toepassing.

En het julle ooit meer as R360 betaal aan enige van die boere wat vir R150 geteken het? --- Nooit nie.

Was jy gemagtig gewees om 'n voorstel te maak dat meer as R360 sou in die toekoms aan niemand anders betaal gewees het nie? --- Nie alleenlik was ek nie gemagtig nie, maar ek kon so 'n voorspelling nie maak nie."

Lategan het voorts getuig dat dit op daardie stadium nie moontlik was om te sê watter vergoeding aange= bied sou word aan diegene wat nog nie geteken het nie, aangesien die vergoeding deur die geoloog en nie deur hom nie, bepaal word. Hy het getuig dat ondervinding (hy is reeds 16 jaar in diens van verweerder) hom geleer

het / .......

het dat met 'n projek soos die waarmee verweerder besig was in die Settlers-omgewing, pryse begin styg soos die prospekteerwerk vorder en goeie resultate opgelewer word. In die huidige geval is aanduidings van steen= koolneerslae gevind en eienaars het daarna hul pryse verhoog. Kompeterende mynmaatskappye het op die toneel verskyn wat pryse verder laat styg het. Vanaf ongeveer Augustus 1977 was vergoeding van R150,00 per ha nie meer vir die eienaars aanvaarbaar nie. Op die vergadering het hy nie geweet hoe die projek in die toekoms sou vorder nie, en kon homself dus nie bind tot 'n voorstelling dat niemand in die Settlers-omgewing 'n hoër vergoeding as R360,00 per ha sou kry nie.

Linning het getuig dat die verweerder se raadgewende geoloog, in konsultasie met die projek-geoloë, die pryse wat ingevolge prospekteerkontrakte betaalbaar is, vasstel. Destyds was wyle mnr van den Berg verweerder se raadgewende geoloog en Linning sy assistent. Volgens Linning het hulle siening verskil oor die vergoeding wat vir hierdie projek betaal moes word. Van den Berg se siening was dat hulle moes konsolideer en dat aansienlik hoër pryse aangebied moes word aan die eienaars met wie verweerder nog nie gekon=trakteer het nie, terwyl Linning se benadering meer konserwatief was. Linning het getuig dat die vergadering van 3 Julie 1979 oor die R150-mense se verhoging gegaan het en dat daar nie sprake was van pryse in die algemeen

nie. Daar is op geen stadium 'n spesifieke maksimum prys genoem wat in die toekoms betaal sou word nie, want daar bestaan nie so-iets nie. Verweerder kan ook nie, wanneer almal weet dat steenkool gevind is, hom verbind om aan almal die hoogste vergoeding te betaal nie, aangesien die pryse van diegene wat dan nog nie geteken het nie, geweldig styg. Linning het getuig dat daar in die Settlers-omgewing 'n toenemende positiewe aanduiding van steenkoolneerslae was tot 1981. Hy het uitdruklik getuig dat geeneen van verweerder se amptenare kon gesê het dat niemand, afgesien van die R150-eienaars, meer as R360,00 per ha sou kry nie. Sy rede vir hierdie stelling het hy in die volgende woorde gestel :-

"Omdat / ........

"Omdat daar sekere beginsels is wat ons toepas in die opneem van opsies en die sluit van prospekteerkontrakte en dit was een van die redes hoekom ek by die vergadering was om te kyk of daar iets gebeur wat ons basies bind tot iets waartoe ons nie gebind wil wees nie."

Die beginsels waarna Linning hierbo verwys, het hy elders in sy getuienis baie duidelik gemaak in die volgende woorde :-

"Dit sou ons besigheidsvoordele benadeel om so 'n belofte te maak ......ons kan nie wanneer ons 'n klomp geld spandeer het en almal weet dat ons wel 'n fonds gemaak het, op daardie stadium ons verbind dat almal nou die hoogste prys kan kry nie want op daardie stadium skiet die pryse natuurlik geweldig op vir die mense wat nog 'n belowende stuk grond het maar dit nog nie verbind het nie."

Ek keer later terug na Linning se getuienis,

wanneer / ......

wanneer ek met sekere antwoorde wat hy onder kruisverhoor gegee het, handel.

Becker het getuig dat hy vanaf 1977 gemoeid was met die verkryging van prospekteerkontrakte in die Settlers-gebied en dat hy persoonlik onderhandelings met verskeie eienaars gevoer het. Hyself het hoegenaamd nie geglo dát die vergoeding van R150,00 wat aanvanklik beding is, in die toekoms dieselfde sou bly nie. Mettertyd het boere begin weerstand bied en die toetrede van mededingende maatskappye vanaf so vroeg as 1977 het pryse verder verhoog. Becker het getuig dat hyself of die veldbeamptes onder hom, beslis nie aan die boere 'n onderneming gegee het dat pryse nie sou styg nie. Die boere was bewus daarvan dat die pryse waarteen hullè

geteken / ........

geteken het, nie vir altyd dieselfde sou bly nie. Daarom is in verweerder se brief van 18 April 1979, wat deur homself opgestel is, gesê dat dit onverstaan=baar is dat die eiser veronreg kon voel. Becker het sy kollegas se getuienis bevestig dat geen voorstelling op die vergadering gemaak is dat niemand in die omgewing meer as R360,00 per ha sou kry nie.

Voordat ek met die Hof a quo se bevindings ten opsigte van die vergadering van 3 Julie 1979 handel, is dit wenslik om kortliks na die verdere verloop van die gebeure te verwys. Ek het reeds genoem dat kort na die vergadering, en wel op 23 Julie 1979, die partye die wysigende ooreenkomste aangegaan het ingevolge waarvan die vergoeding tot R360,00 per ha verhoog is, die pros=

pekteergelde ook verhoog is en die oorspronklike kontrakte verleng is tot 6 Mei 1983.

Eiser het getuig dat hy gedurende Januarie of Februarie 1980 gehoor het dat verweerder met eienaars op vergoeding van so hoog as R750,00 per ha ooreengekom het. Hy was ontevrede en het een van verweerder se hoofbestuurders, mnr De Beer, daaroor gespreek, wat hom versoek het om sy weergawe van die vergadering van 3 Julie 1979 op skrif te stel en dit aan hom te stuur. Eiser het getuig dat die 8 boere wat by die vergadering was, weer bymekaar gekom het en dat 'n brief aan verweerder toe opgestel is wat hulle weergawe van wat daar gebeur het, bevat. In die brief, gedateer 12 Maart 1980, word verwys na die aanbod van R360,00 per ha en gesê:

> "Daar is aan ons die versekering gegee dat die aanbod finaal is en dat niemand meer as R360 per hektaar op die vlakte aangebied sal word nie."

Die brief verwys voorts na die navraag by die vergadering na die boere aan wie R400,00 per ha aangebied is, en gaan as volg aan oor die eienaars wat nog nie geteken het nie:

> "Daar is ook gesê dat die boere wat nie nou wil teken nie, dat hulle nog gaan huil en dat hulle by implikasie geforseer sal word om teen General Mining se pryse te teken, wat ons aanvaar R360 per ha sal wees in die lig van die versekering wat gegee is." (General Mining is die mynmaatskappy wat die beherende aandele in verweerder hou).

Die brief verwys voorts na die vergoeding van R750,00 per ha wat verweerder intussen onderneem het om te betaal en vervolg dan:

> "Ons die ondergetekendes wil nou graag weet of General Mining ook die nodige aanpassings van die bestaande kontrakte sal maak - hiermee wil ons verwys na die versekering van die dag se samesprekings en dat daar geen diskriminasie sal wees wat betref die prys per hektaar nie."

Die brief eindig met 'n versoek om 'n persoonlike onderhoud met verweerder se besturende direkteur, dr Wim de Villiers, wat hulle oortuig is "sal toesien dat gelyke beregtiging geskied".

Verweerder se houding, soos uiteengesit in briewe gedateer 6 Junie 1980 en 21 Augustus 1980, was dat die saak as afgehandel beskou moet word.

Dit was gemene saak dat verweerder op 16 November 1979 nege kontrakte met eienaars in die betrokke gebied aangegaan het ingevolge waarvan vergoeding van

R750,00 per ha (of R600,00 per ha plus 'n aanpassing volgens die verbruikersprys-indeks) beding is, onder andere met ene Groothof, wat die vorige jaar 'n aanbod van R500,00 per ha van die hand gewys het. Daarna, op 5 Desember 1979, het verweerder vier kontrakte gesluit, drie ingevolge waarvan die vergoeding R800,00 per ha of R650,00 per ha plus verbruikersprys-indeks was en een ingevolge waarvan die vergoeding R750,00 per ha was. Minder as twee maande vantevore het Linning nog in 'n memorandum gedateer 9 Oktober 1979 geskryf dat dit dringend noodsaaklik geword het om dieselfde eienaars weer te nader en aan hulle vergoeding van R500,00 per ha aan te bied. Hieruit is dit duidelik hoe skerp die pryse teen die einde van 1979 gestyg het.

Ek handel vervolgens met die Hof a quo se bevindings oor die beweerde wanvoorstellings wat op die vergadering van 3 Julie 1979 gemaak is.

In sy oorweging van die eiser se getuienis sê die verhoorregter ter aanvang dat die eiser getuig het dat hy uitdruklik en spesifiek die versekering van Lategan gekry het dat nie meer as R360 per ha betaal sou word nie. Dit is duidelik dat die verhoorregter hier verwys na 'n prys wat vir almal sou geld, dit wil sê nie net vir die sogenaamde R150-mense nie. Soos blyk uit my opsomming van die eiser se getuienis hierbo, het hy dit nie in sy getuienis-in-hoof gesê nie. Hoewel hy dit aanvanklik onder kruisverhoor gesê het, het hy uiteindelik gesê dat Lategan nie uitdruklik so 'n ver=

sekering/....

sekering gegee het nie. Toe het die eiser vir sy afleiding gesteun op die woorde van Lategan: "hulle sal nog huil". Hierdie woorde regverdig, na my mening, nie die afleiding dat niemand meer as R360,00 per ha aangebied sou word nie.

Die verhoorregter wys wel in sy uitspraak daarop dat eiser uiteindelik gesê het dat hy die wan= voorstelling afgelei het uit die woorde "hulle gaan nog huil". Die verhoorregter bevind dat "die eiser uit bloot 'n toestand van desperaatheid die verandering gedoen het in die getuienis wat hy afgelê het", omdat hy gevoel het dat die kruisverhoorder nie sy antwoorde dat daar 'n uitdruklike wanvoorstelling was, wou aanvaar nie, en

verder / ......

verder omdat die eiser "nie verstandelik vinnig genoeg kon bybly by die vrae nie". Ek kan geen aanduiding in die oorkonde vind om hierdie gevolgtrekking van die verhoorregter te staaf nie. Die verhoorregter aanvaar die eiser se getuienis omdat dit "nie te betwyfel is dat hy eerlik en opreg is nie". Die vraag wat die verhoor=regter eintlik moes oorweeg het was of eiser nie ŉ wanindruk gekry het van wat gesê is nie, veral omdat daar verskillende groepe boere by die vergadering ter sprake was en eiser op ŉ afleiding van wat Lategan gesê het, steun.

Die verhoorregter bevind dat Wierenga sy getuienis in alle opsigte bevredigend afgelê het, maar handel gladnie met die verskil tussen die getuienis van Wierenga en die eiser nie. Dieselfde geld vir die

wanvoorstelling waaroor Pretorius getuig het. Laas=genoemde beweer dat die wanvoorstelling die volgende was: "dit is finaal, niemand sal meer as R360 kry nie". Die woord "finaal" dui, na my mening, eerder daarop dat die verwysing was na die aanbod aan die boere by die vergadering en die R150-groep, want dit was hulle wat, nadat die bedrag van R360,00 genoem is, nog meer wou hê.

Die verhoorregter sê dat Wierenga "heeltemal as 'n aparte en onafhanklike persoon" getuig het. Dit is nie juis nie. Wierenga het in sy getuienis erken dat hy, soos eiser, 'n benoemingskontrak soortgelyk aan die huidige, met 'n derde gesluit het, ingevolge waarvan vergoeding van R800,00 per ha beding is; dat hy ook 'n dagvaarding vir soortgelyke regshulp teen verweerder uitgereik het en dat

hy aanspreeklikheid vir eiser se regskoste in die huidige saak met laasgenoemde deel. Wierenga het dus 'n wesenlike belang by die uitslag van die huidige saak, en deur hom as 'n onafhanklike buitestaander te beskou het die verhoorregter homself, na my mening, wanvoorgelig.

Ten opsigte van Pretorius, wat 'n identiese belang by die huidige saak het as dié van Wierenga, volstaan die verhoorregter in sy uitspraak met die volgende:-

> "Pretorius se getuienis kan moeilik gekritiseer word. Hy het end uit voet by stuk gehou dat daar 'n mondelingse en werklike versekering gegee is dat R360,00 die hoogste prys sal wees."

Die feit dat Pretorius voet by stuk gehou het met sy weergawe, dra nog nie veel by tot die beantwoording van die vraag of die voorstelling waaroor hy getuig het, na

almal in die gebied of slegs na die R150-groep verwys nie. Soos ek reeds hierbo gesê het, dui die gebruik van die woord "finaal" eerder op laasgenoemde konstruksie. Ook wat Pretorius se getuienis betref, het die verhoor= regter gevolglik nie oorweging geskenk aan die moontlikheid dat hy onder 'n wanindruk verkeer het oor waarna verwys is deur die amptenare nie.

Wat die verweerder se getuies betref, sê die verhoorregter dat Lategan nie 'n gunstige indruk op hom gemaak het nie en dat hy "vaag en glibberig" was. Linning was 'n "baie versigtige getuie en duidelik 'n hoogs intel= ligente persoon" wie se getuienis egter nie die verweerder se saak verder neem nie. Oor Becker se getuienis hang 'n donker wolk, omdat bevind word dat sy getuienis oor 'n

sekere gesprek met eiser en sy vader op 'n ander geleentheid, 'n blote versinsel is.

Wat Lategan betref, verwys die verhoorregter na twee gedeeltes uit sy getuienis om aan te toon dat hy "vaag en glibberig" is: een gedeelte waar Lategan sou gesê het dat hy onbewus is van die "R450-kontrak" en 'n tweede gedeelte waar hy volgens die verhoorregter 'n onrealistiese verduideliking gee van die memorandum van Becker gedateer 19 Junie 1979. Wat die eerste gedeelte betref, was daar nooit enige sprake van 'n kontrak vir die betaling van R450,00 per ha nie, en ek neem aan die verhoorregter verwys na die kontrakte waarin die vyf mede-eienaars R480,00 per ha sou kry. Die verhoorregter sê dat Lategan se getuienis, dat hy onbewus was van

hierdie kontrakte, klaarblyklik onwaar is. Op die stadium toe Lategan getuig het, was hierdie transaksie gemene saak tussen die partye en besonderhede daarvan verskyn op een van die lyste van transaksies wat voor die verhoorhof geplaas is. Lategan het in sy getuienis gesê dat hy ten tyde van die vergadering van 3 Julie 1979 bewus was van die transaksies waarvolgens vergoeding van R400,00 per ha betaalbaar was. Hy het ook geweet dat die groep boere daarvan bewus was. Hy het egter nie van die kontrak van R480,00 per ha geweet nie. Later in sy getuienis onder kruisverhoor het hy gesê dat laasgemelde kontrak destyds onder sy aandag gebring is, maar dat hy daarvan vergeet het. Dit was gemene saak by die vergadering dat, sedert verweerder met die boere daar teenwoordig

op R150,00 per ha ooreengekom het, vergoeding daarna tot soveel as R400,00 per ha gestyg het. Eiser se saak was dat die klagte gegaan het oor die ongelyke behandeling, en die feit dat pryse intussen tot R480,00 i p v R400,00 per ha gestyg het, het hieraan niks verander nie. Dit is dus nie duidelik waarom Lategan doelbewus sy kennis van die R480-transaksies sou verswyg toe hy getuig het nie. Geeneen van eiser of sy getuies het getuig dat navrae oor moontlike ander transaksies op die vergadering gedoen is nie. Hulle sou ook nie, want kennis van die transaksies teen R400,00 per ha was vir hulle genoeg. Daar moet verder in gedagte gehou word dat baie transaksies deur Lategan hanteer word, en hy kon baie maklik van een vergeet het. Dat hy doelbewus gelieg het, soos die

verhoorregter / ........

verhoorregter bevind het, is, na my mening, nie geregverdig nie.

Wat Lategan se verduideliking van Becker se memorandum betref, neem ek aan dat die verhoorregter in gedagte het Lategan se getuienis oor verweerder se voornemens aangaande die kontrakte waarvolgens vergoeding van R400,00 per ha betaalbaar was. Die verhoorregter sê in sy uitspraak dat Lategan getuig het dat daar voor die vergadering besluit is om nie met daardie kontrakte voort te gaan nie, welke getuienis in stryd was met die memorandum van 19 Junie 1979. Indien Lategan se getuienis oor hierdie aspek in sy geheel gelees word, is dit heeltemal duidelik, meen ek, dat al wat hy gesê het is

dat / ........

dat die amptenare besluit het om hul strategie te verander deur vir die huidige die kontrakte ingevolge waarvan R400,00 per ha betaalbaar was, links te laat lê. Daar is besluit om eers met die R150-eienaars te onderhandel, waarna die posisie t o v die R400-kontrakte heroorweeg sou word. In hierdie verband was die hernuwing van laasgemelde kontrakte ten tyde van die vergadering "van die baan af" soos Lategan getuig het. En dit is presies wat Becker in die memorandum van 19 Junie 1979 sê: onderhandel met die R150-eienaars en laat vireers die R400-eienaars daar. Die verhoorregter se bevinding dat Lategan se getuienis was dat finaal besluit is om nie met die R400-kontrakte voort te gaan nie, is dus nie geregverdig nie. Dit was gemene saak dat, voor die

verstryking van die aanvanklike tydperk, die verweerder sy regte ingevolge hierdie kontrakte uitgeoefen het teen die aanvanklik ooreengekome vergoeding van R400,00 per ha. Dit is in ooreenstemming met Lategan se getuienis. Ook wat hierdie aspek betref, is ek dus van mening dat die verhoorregter se kritiek nie kan standhou nie.

Wat Linning betref, stem ek nie met die verhoor=regter saam dat sy getuienis die saak ten opsigte van die beweerde wanvoorstellings nie verder neem nie. Linning se getuienis dat die vergoeding wat deur verweerder ingevolge kontrakte soos die onderhawige betaal word, deur die raadgewende geoloog vasgestel word, is nie betwis nie. As laasgenoemde se assistent was Linning

direk / ........

direk gemoeid met, en verantwoordelik vir wat op die vergadering oor vergoeding aan die boere gesê word. Sy uitdruklike getuienis dat geeneen van verweerder se amptenare die beweerde wanvoorstelling gemaak het nie, kan gevolglik nie eenvoudig opsygeskuif word, soos die verhoorregter blykbaar gedoen het nie.

Daar is namens die eiser betoog dat Linning onder kruisverhoor sou toegegee het dat die beweerde wanvoorstelling wel gemaak is. Nie alleen sou so ŉ toegewing heeltemal in stryd wees met Linning se voorafgaande ondubbelsinnige en duidelike getuienis dat die wanvoorstelling nie gemaak is nie, maar ŉ ontleding van die passasie waarop in hierdie verband gesteun is, toon duidelik, na my mening, dat geen toegewing van die aard inderdaad gemaak is nie.

Die volledige gedeelte van die kruisverhoor lees as volg:-

"Nou as daar nou 'n boer kom en hy sê hy is nou maar 'n boer en hy het afgelei dat niemand meer gaan kry nie, sê u hy praat die onwaarheid? Ek praat nou nie van redelikerwys nie. --- Ek kan dit nie bevraagteken nie, as iemand dit so sê dan aanvaar ek dat hy so gevoel het.

Nou die eiser sê dat hy het in die lig van die antwoorde weer op daardie vergadering afgelei dat dit duidelik is dat niemand meer as R360 sou kry nie. Nou u sê u kan nie dit bevraagteken nie? --- Ek kan dit nie bevraag=teken nie maar daar kon natuurlik baie ander redes gewees het hoekom hierdie motief nou opgewerp word.

Nou nadat die antwoord gegee is hulle gaan huil, u het reeds aan Sy Edele gemeld dat daar kon 'n toeligting van gewees het wat u nou nie kan onthou nie, is dit korrek? --- Dit is korrek.

U sien mnr Wierenga getuig dat hy net een vraag op daardie vergadering gevra het en die vraag wat hy gevra het was na aanleiding van

die antwoord 'hulle gaan nog huil' en die vraag wat hy gevra het was 'Dus niemand sal meer as R360 kry nie?' waarop dit bevestigend beantwoord is deur mnr Lategan. --- As daar gepraat is van niemand dan was dit beperk tot daardie spesifieke groep waarmee ons onder= handel het. Dit het nie betrekking gehad op enige wyer groep of wyer gebied nie.

Kon daar gepraat gewees het van 'niemand'? 'Niemand sou meer kry nie', in enige konteks? --- Nie in enige konteks nie.

Maar gee u nou aan Sy Edele te kenne dat elke woord op daardie vergadering gehoor het en elke woord kan onthou wat daar gesê is? --- Ek het reeds erken dat ek nie elke woord in volgorde daarvan kan onthou nie.

Nou wil ek weer vir u vra: was die woorde gebruik, niemand kry meer nie? --- Dit was nie in enige konteks gebruik nie."

Na my mening is dit duidelik dat al wat Linning in die boaangehaalde passasie sê is dat as iemand sou sê hy het afgelei dat niemand meer as R360,00 sou kry nie, kan hy dit nie betwis nie. Dit beteken hy kan nie die

feit van die afleiding betwis nie. Dit beteken natuurlik gladnie dat hy toegee dat die afleiding gegrond of geregverdig is nie. Inderdaad gaan Linning voort om in die res van die aangehaalde gedeelte dit duidelik te stel dat die wanvoorstelling nie gemaak is nie.

Uit die eerste sin van die vraesteller in die boaangehaalde passasie, blyk dit dat die vraag aan Linning gestel is op die veronderstelling dat die afleiding nie noodwendig 'n redelike afleiding is nie. Linning se antwoord moet vergelyk word met sy antwoord toe hy gevra is of Lategan se woorde "hulle gaan nog huil" nie die boere kon laat dink het dat niemand meer as R360,00 sou kry nie. Hy het toe as volg geantwoord :-

> "Ek sal nie sê dit is 'n redelike afleiding nie want die boere het presies geweet van die mense wat alreeds R400 gekry het en ek dink hulle moes redelikerwyse aanvaar het dat die prys is darem nou nie 'n konstante prys nie want dit het al van R150 gekom na R400 deur die jaar, hulle het geweet daarvan."

Dit is baie duidelik uit Linning se getuienis (soos inderdaad ook uit sy twee kollegas se getuienis) dat ondervinding hom geleer het dat pryse noodwendig styg wanneer 'n projek gunstig verloop. Ek vind dit dus haas ondenkbaar dat Linning sonder protes sou terugsit terwyl Lategan ondernemings ten opsigte van toekomstige pryse maak. Linning se getuienis dat die beweerde wanvoorstelling nie gemaak is, en nie gemaak kon gewees het nie, moet baie gewig dra, veral omdat die verhoorregter geen kritiek

teen / .......

teen sy getuienis uitgespreek het nie.

Becker se getuienis oor die gesprek wat hy met eiser en sy vader gehad het, wat deur die verhoor= regter as 'n versinsel verwerp is, is die volgende: Becker het getuig dat hy op 17 Julie 1979 die dokumentasie in verband met die wysigingsooreenkomste na die eiser en sy vader op laasgenoemde se plaas geneem het. Laasge= noemde het 2 plase besit ten opsigte waarvan benoemings= kontrakte aangegaan is. Omdat een van die plase buite die sogenaamde kerngebied geleë was, wou verweerder nie die kontrak ten opsigte van hierdie plaas verleng nie. Eiser se vader was teleurgesteld, en volgens Becker het eiser toe aan sy pa gesê dat as die plaas dan nie nou vir verweerder van belang is nie, sy pa dit later teen 'n hoër

prys / ......

prys kan beding. Becker het gesê dat hy nie die insident van genoeg belang geag het om verweerder se regsverteen= woordigers voorheen daarvan te sê nie. Dit is aan hom deur eiser se advokaat gestel dat die eiser die gesprek ontken. Dit blyk nie uit die uitspraak waarom Becker se getuienis oor die gesprek as 'n versinsel afgemaak word nie.

Eiser se aanmerking, soos deur Becker getuig, klink vir my 'n heel natuurlike aanmerking en een wat mens sou verwag het om op daardie tydstip in die omgewing te hoor.

Vir die redes hierbo uiteengesit, is ek van mening dat die verhoorregter se kritiek teen die getuienis van Lategan en Becker nie geregverdig is nie, en dat hy gevolglik onvoldoende gewig aan hulle getuienis geheg het. Heelwat ander punte van kritiek teen hierdie getuies, sowel as teen Linning, is deur die advokaat namens die eiser geopper. Ek vind dit onnodig om in besonderhede daarmee te handel omdat dit in sekere gevalle nie geregverdig is nie en in die ander gevalle nie wesenlik is nie.

Die / .......

Die verhoorregter bevind dat een van die redes waarom die boere die vergadering van 3 Julie 1979 bygewoon het, was om te verseker dat hulle vergoeding nie minder sou wees as wat <u>in die toekoms</u> aan ander betaal sou word nie. Daarom vind die verhoorregter dit waarskynlik dat die wan= voorstelling gemaak is. Ek vind dit moeilik om te aanvaar dat redelike mense met gesonde verstand, wat ek aanvaar eiser en sy groepie is, kon gedink het dat pryse altyd dieselfde sou bly, of dat dit binne verweerder se vermoë was om te onderneem om sy pryse altyd dieselfde te hou. Al kon hul nog miskien so gedink het toe hulle aanvanklik gedurende 1976 met verweerder op 'n vergoeding van R150,00 per ha ooreengekom het, het hulle drie jaar later geweet dat die pryse deurgaans skerp gestyg het. Hulle moes besef het dat die styging nie te wyte is aan die altruïsme of vrygewigheid van die verweerder nie, maar aan die feit dat eienaars op hoër pryse aandring, en dat kompetisie die verweerder verplig om sy pryse te verhoog. Dit was gemene saak dat prysstygings na die vergadering voortgeduur het totdat teen die einde van 1979 tot

soveel / ..........

soveel as R800,00 per ha deur verweerder betaal moes word. Dat verweerder geen versekering kon gee dat die vergoeding konstant sou bly nie, moes ook vir die eiser duidelik gewees het uit die verweerder se brief van 18 April 1979 wat geskryf is in antwoord op 'n vorige klagte van eiser in sy brief van 22 Maart 1979, dat daar aan hom voorgehou is dat pryse konstant sal bly. In die brief van 18 April 1979 word uitdruklik verwys na opposisie-maatskappye wat verweerder verplig om sy pryse te verhoog en word verweerder se standpunt oor die saak baie duidelik gestel: pryse bly uit die aard van die saak nie konstant nie en dit is nie moontlik om enige onderneming t o v toekomstige pryse te gee nie. In die lig van wat in verweerder se brief van 18 April 1979 gesê is, is dit

baie onwaarskynlik dat dieselfde amptenare wat verantwoordelik was vir die inhoud van die brief, kort daarna 'n direk teenoorgestelde standpunt sou inneem op die vergadering van 3 Julie 1979. Eiser moes dus besef het dat die stygende neiging sou voortduur in die toekoms, en dat dit nie moontlik was vir verweerder om pryse in die toekoms tot R360,00 per ha te beperk nie.

Die verhoorregter sê ten aanvang van sy bevindings ten opsigte van verweerder se getuies die volgende :-

> "Lategan, Becker en Linning ontken in hul getuienis dat hulle 'n versekering gegee het dat niemand meer as R360 betaal sou word nie. Dit sluit natuurlik nie die groepie R400-eienaars in nie. Dit is egter heeltemal strydig met die hele doel van die vergadering wat die eienaars betref."

Die verhoorregter het vroeër in sy uitspraak bevind dat die doel van die vergadering was om eerstens 'n verhoging te kry en tweedens om te verseker dat hulle nie minder sou kry as wat aan ander eienaars <u>in die toekoms</u> aangebied word nie. Om die redes wat ek reeds

genoem / ......

genoem het, kan ek nie saamstem dat die boere ooit kon gedink het dat hulle so 'n onderneming van verweerder kon kry nie.

Die verhoorregter bevind dat eiser en sy groepie onbewus was van die verwagte prysstyging in die toekoms, en dat dit die verweerder se hele strategie was om met die boere "te onderhandel op die basis van beplande geheimhouding". Daarom moes met die boere onderhandel word solank hulle bewus was van die pryse van R400,00 per ha, maar onbewus van verdere stygings, en daarom, as ek die uitspraak reg verstaan, is dit waarskynlik dat die beweerde wanvoorstellings gemaak is - dit sou dan inpas by verweerder se hele strategie. Die verhoorregter vind

steun / .......

steun vir hierdie gevolgtrekking in Becker se memorandum van 19 Junie 1979. Soos ek reeds gesê het, kan ek nie aanvaar dat eiser en sy mede-boere onbewus was van die verwagte verdere styging in pryse nie. Hulle moes dit self geweet het, en hulle is in elk geval uitdruklik daarop attent gemaak deur verweerder in die brief van 18 April 1979. Van geheimhouding was daar gevolglik geen sprake nie. Wat die memorandum betref, kan ek daarin niks sinistêr of onbehoorlik sien nie. Al wat Becker daarin voorstel, is dat die kontrakte ingevolge waarvan laer vergoeding betaalbaar is, eers heronderhandel word. Daarmee is niks verkeerd nie. Verder moet in gedagte gehou word dat eiser en sy groep meer as 'n maand tyd gegee is om die aanbod van R360,00 per ha te oorweeg.

Hulle het dus volop tyd gehad om uit te vind van die aanbiedinge van hoër as R360,00 per ha. Dit dui glad nie op 'n strategie van geheimhouding nie.

Ek vind dit baie onwaarskynlik dat ervare sakemanne en onderhandelaars soos Lategan en Becker, wel wetende dat pryse van vergoeding in die Settlers-omgewing besig was om skerp te styg en dat aanbiedinge van so hoog as R500,00 per ha reeds geweier is, en dat hulle in die toekoms nog meer sou moes betaal, aan 'n groepie boere 'n versekering sou gee dat nie meer dan R360,00 per ha betaal sal word nie, en dan boonop aan hulle meer as 'n maand tyd gee om te besluit. Wat Lategan en Becker betref, moes hulle geweet het dat die

onwaarheid van so 'n voorstelling baie maklik vasgestel kon word.

Die verhoorregter vind steun vir sy bevinding dat die wanvoorstelling gemaak is, in verweerder se brief van 18 April 1979, wat hierbo aangehaal is, 'n verdere brief van verweerder gedateer 6 Junie 1980, sowel as in verskeie ander briewe wat deur die partye se onderskeie prokureurs geskryf is. Wat eersgenoemde brief betref, sê die verhoor=regter dat daar geen uitdruklike ontkenning van die wan=voorstelling is nie, maar slegs 'n argument. Die stelling in die brief is egter duidelik: geen voorstel dat niemand in die toekoms 'n hoër vergoeding sou kry, kon gemaak gewees het nie. Klaarblyklik is inbegrepe 'n ontkenning dat so 'n voorstel inderdaad gemaak is. Wat die verweerder se brief van 6 Junie 1980 betref, wat

geskryf /........

geskryf is in antwoord op eiser en sy mede-boere se brief van 12 Maart 1980, waarna ek reeds hierbo verwys het, is dit so dat die brief glad nie met die bewerings in die laasgemelde brief handel nie. Daar word slegs gesê dat nie aan die boere se versoek om 'n samespreking met dr de Villiers te hou, voldoen kan word nie, dat dit geen doel sal dien om verder op die saak in te gaan nie en dat dit as afgehandel beskou moet word. Nòg in hierdie brief, nòg in die ander briewe van verweerder se prokureur waarna die verhoorregter verwys, kan ek enige steun vind vir die beweerde wanvoorstelling.

Vir die redes wat ek hierbo uiteengesit het, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die eiser nie bewys het dat die beweerde voorstelling gemaak is nie, en dat die

bevinding / .........

bevinding van die Hof *a quo* gevolglik nie kan staan nie.

Dit is gevolglik nie nodig om te handel met die spesiale verwere wat namens verweerder geopper is nie.

Na my mening behoort die appèl met koste te slaag.

W. VIVIER Wnd AR.

TRENGOVE, AR ) stem saam

B.b.

47/85

LL

Saak No. 245/1983

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

TRANS-NATAL STEENKOOLKORPORASIE BEPERK Appellant

en

CHRISTIAAN FREDERICK VAN DER MERWE Respondent

CORAM: KOTZé, TRENGOVE, CILLIé, BOTHA ARR et VIVIER WN AR

VERHOORDATUM: 13 MAART 1985

LEWERINGSDATUM: 21 MEI 1985

---

UITSPRAAK

---

/BOTHA AR ...

BOTHA AR:-

Ek het die voordeel daarvan gehad om die uit=sprake te lees van my kollegas KOTZé en VIVIER. Ek stem saam met my kollega KOTZé dat die appèl afgewys moet word. Ek stem ook in elke opsig saam met die be=redenering wat in sy uitspraak uiteengesit word ter onder=steuning van sy gevolgtrekking. In my gedagtegang is daar egter 'n paar bykomstige redes waarom ek met eerbied verskil van die beredenering wat vervat is in die uit=spraak van my kollega VIVIER, en wat ek my verplig voel om kortliks te vermeld. Hierdie redes moet gelees word as aansluitend by wat reeds gesê is in die uitspraak van my kollega KOTZé.

My kollega VIVIER se beoordeling van die eiser se getuienis en sy gepaardgaande kritiek op die Verhoor=regter se beskouing daarvan is na my mening nie te rym met wat in die oorkonde verskyn nie. 'n Bestudering van die eiser se getuienis soos dit in die oorkonde

verskyn, laat by my geen twyfel nie dat die eiser van begin tot einde deurgaans hom beroep het op twee afson= derlike dinge wat Lategan gesê het: eerstens, 'n uit= druklike versekering wat hy gegee het dat niemand in die betrokke gebied meer as R360 per ha sou kry nie, en tweedens, 'n uitlating wat hy gemaak het dat "die Hol= landers" (dié boere wat geweier het om te teken) nog sou huil. Dit is in die samehang van laasgenoemde uitlating dat die eiser gesê het dat hy die afleiding gemaak het dat niemand meer as R360 per ha sou kry nie. Hy het dit nie gesê asof hy daardeur sy vorige getuie= nis oor die uitdruklike versekering van Lategan ver= ander het nie; die oorkonde toon duidelik aan dat die eiser ná sy getuienis oor die afleiding wat hy gemaak het van die uitlating dat die Hollanders nog sou huil, weer eens in ondubbelsinnige en onomwonde terme bevestig het dat Lategan óók die uitdruklike versekering gegee het dat niemand meer as R360 sou kry nie. In soverre dit blyk

/dat ...

dat die eiser in ŉ mate verward geraak het tussen Late= gan se uitdruklike versekering en sy uitlating oor die Hollanders en die afleiding wat hy van laasgenoemde ge= maak het, toon ŉ bestudering van die oorkonde aan dat die Verhoorregter se hantering van hierdie aspek van sy getuienis ten volle geregverdig was. Aan die hand van die oorkonde kan ek gevolglik met eerbied nie saam= stem met my kollega VIVIER se kritiek dat dit vir die Verhoorregter nie genoeg was om te bevind dat die eiser "eerlik en opreg" was nie en dat hy eintlik moes oorweeg het of die eiser nie onder ŉ wanindruk was van wat gesê is nie. Wat Lategan se uitdruklike versekering betref, is daar in die eiser se getuienis, soos gestaaf deur die getuienis van Wierenga en Pretorius, geen ruimte vir ŉ bevinding van ŉ "wanindruk" nie, en gevolglik is die Verhoorregter se geloofwaardigheidsbevindings van die uiterste belang. In die oorkonde is daar geen gronde te

/vind ...

vind om te dink dat die Verhoorregter in sy beoordeling van die eerlikheid van die eiser en sy getuies gefouteer het nie. Wat betref Lategan se uitlating oor die Hol= landers wat nog sou huil, kan ek nie met my kollega VIVIER saamstem dat die eiser nie geregverdig was om daaruit af te lei dat niemand meer as R360 sou ontvang nie. Dié afleiding strook nie alleen met die uitdruk= like versekering wat gegee is nie, maar ook met die hele agtergrond en oogmerk van die vergadering, gesien uit die oogpunt van die eiser en sy mede-boere, soos ook bekend was aan die verweerder se amptenare. Die korrektheid van die eiser se afleiding word bowendien gestaaf deur die treffende onvermoë van die verweerder se amptenare, Lategan en Linning, om in hulle getuienis 'n bevredigende verklaring te gee van wat deur die betrokke uitlating bedoel was. Lategan se getuienis was dat hy gesê het "van die Hollanders sal nog huil", en hy het voorgegee dat hy in werklikheid net één "Hollander" in gedagte

/gehad ...

gehad het, ene Dykema, in wie se grond die verweerder nie belang gestel het nie. Lategan se getuienis in hierdie verband, soos dit voorkom in die oorkonde (vol 5 pp 405-9) is onbevredigend en onaanvaarbaar. Linning het volstrek geweier om toe te gee wat klaarblyklik on=vermydelik was, naamlik dat die woord "huil" daarop gedui het dat iets nadeligs die betrokke mense sou tref. Sy getuienis in hierdie verband, soos dit voorkom in die oorkonde (vol 7 pp 579-584) is ewe-eens onbevredigend en onaanvaarbaar. Dit is na my oordeel duidelik dat die verweerder se getuies doelbewus, maar onsuksesvol, pro=beer wegskram het van die feit dat Lategan se uitlating bedoel was om die betekenis te dra wat die eiser daaruit afgelei het.

My kollega VIVIER se sienswyse van die verweer=der se getuies Lategan, Linning en Becker, en sy gepaard=gaande kritiek op die Verhoorregter se beskouing van hulle getuienis, is na my mening ook nie te rym met die

/inhoud ...

inhoud van die oorkonde nie. Dit blyk reeds uit wat in my kollega KOTZé se uitspraak vervat is, waarby ek net die volgende opmerkings wil voeg. Wat Lategan betref, het die Verhoorregter in sy uitspraak slegs by wyse van voorbeeld twee punte van kritiek genoem ter toeligting van sy ongunstige indruk van Lategan as 'n getuie. Dié twee punte word genoem in die uitspraak van my kollega VIVIER en een daarvan word volledig be= handel in die uitspraak van my kollega KOTZé. Dit is egter geensins die enigste geldige gronde van kri= tiek teen Lategan se getuienis nie. Die Verhoorregter sê in sy uitspraak dat die eiser se advokaat 'n hele aan= tal onbevredigende aspekte van Lategan se getuienis op= gesom het en dat hy met die meeste van die advokaat se submissies saamstem. Daardie submissies is voor hierdie Hof herhaal, en aan die hand van 'n bestudering van die oorkonde stem ek, soos die Verhoorregter, met die meeste daarvan saam. My kollega VIVIER bevind

/dat ...

dat die punte van kritiek òf nie geregverdig òf nie wesenlik is nie. Ek stem met eerbied nie daarmee saam nie. Ek volstaan met die gevolgtrekking dat 'n bestudering van die oorkonde ten duidelikste aantoon dat die Verhoorregter ten volle geregverdig was om Lategan se getuienis as onaanvaarbaar te verwerp. Ins= gelyks is die verwerping van Becker se getuienis na my mening ook onaanvegbaar. Wat Linning betref, het die Verhoorregter gesê sy getuienis "neem die direkte punt nie veel verder nie". Klaarblyklik het die Verhoor= regter hier verwys na die feit dat Linning nie positief kon betwis dat Lategan wel die woorde gebesig het waar= van die eiser en sy getuies getuig het nie en dat hy maar net sy eie, subjektiewe vertolking van sulke woorde verstrek het. In daardie opsigte was die Verhoorregter se opmerking 'n geregverdigde beskouing van die effek van Linning se getuienis.

Ten slotte wil ek verwys na my kollega VIVIER

/se ...

se beskouing van die waarskynlikhede teen die eiser se weergawe van die gebeure op die vergadering van 3 Julie 1979. Kortliks kom dit daarop neer dat dit onwaarskyn= lik is, enersyds, dat die eiser en sy groepie kon gedink het dat pryse in die toekoms dieselfde sou bly en dat dit binne die vermoë van die verweerder was om 'n onder= neming in dié verband te gee, veral in die lig van die verweerder se brief van 18 April 1979, en, andersyds, dat die verweerder se amptenare inderdaad so 'n onder= neming sou gegee het, veral in die lig van die feit dat hulle geweet het dat hoër pryse in die toekoms betaal sou moes word en dat die eiser en sy mede-boere daarvan te hore sou kom.

Waarskynlikhede kan natuurlik nie in isolasie beoordeel word, bloot aan die hand van objektiewe maat= stawwe nie. Die waardebepaling van waarskynlikhede hang ten nouste saam met die aard en inhoud van die getuienis wat dienaangaande afgelê word deur die persone wat by

/die ...

die tersaaklike gebeure betrokke was.

Wat die eiser en sy mede-boere betref, moet eerstens in ag geneem word wat die hele agtergrond en die oogmerk was van die vergadering, uit hulle oogpunt gesien. Dit is reeds in die uitspraak van my kollega KOTZé behandel. Tweedens moet daarop gelet word dat die eiser pertinent onder kruisondervraging geneem is oor die inhoud van die verweerder se brief van 18 April 1979 en die uitwerking daarvan op die boere se bereid=willigheid om weer 'n versekering te aanvaar oor geen hoër pryse in die toekoms nie. Die eiser het voet by stuk gehou dat hulle so 'n versekering wou gehad het en dat hulle dit aanvaar het toe dit gegee is. In die loop van sy getuienis het die eiser verduidelik dat dit nou die tweede keer was dat die kwessie van gelyke be=handeling ter sprake gekom het en dat hulle nou met die top bestuur van die verweerder te doen gehad het - hulle was "in die leeu se bek". Daarby moet in gedagte gehou

/word ...

word dat die vorige versekering reeds 3 jaar vantevore gegee is, deur iemand wat maar net 'n beampte in die veld was, en in 'n stadium toe die hele projek nog maar in sy begin-stadium was. Intussen was daar heelwat verdere verwikkelinge en sou dit nie onredelik gewees het van die boere om te aanvaar dat die posisie so verander het dat die top bestuur in staat was om op daardie tydstip te bepaal wat die maksimum-pryse is wat daarna betaal sou word en om 'n versekering te gee in hierdie verband nie.

Wat die verweerder se amptenare betref, is dit belangrik om ter aanvang daarop te wys dat die wanvoor=stellings waaroor dit hier gaan van 'n besondere aard is. Dit is nie valse stellings van bestaande feite nie, maar stellings van dinge wat in die toekoms sou gebeur. Regs=geleerdes weet dat iemand wat 'n voorspelling van 'n toe=komstige gebeurtenis maak terwyl hy nie self die waar=heid van sy voorspelling glo nie, skuldig is aan 'n wan=

/voorstelling ...

voorstelling ten aansien van sy eie gemoedstoestand. Ek wil my voorstel dat daar weinig leke is wat bewus is van hierdie subtiele regsbenadering, en dat daar be= sigheidsmense is wat bespiegelings oor die toekomstige verloop van sake as geoorloofde besigheidstaktiek sal beskou waaraan geen regsgevolge vasgeknoop kan word nie. Om te bepaal wat die houding van die verweerder se amp= tenare in hierdie verband was, is dit nodig om 'n paar aspekte van hulle optrede in oënskou te neem.

Daar kan na my mening geen twyfel wees dat die verweerder se amptenare die vergadering benader het met die opset van geheimhouding van die vooruitsig dat hoër pryse in die toekoms aan ander boere betaal sou moes word nie. Dit was die hele strategie wat voort= gespruit het uit die memoranda wat voor die vergadering opgestel is. Ten tyde van die vergadering was dit in die hoogste mate waarskynlik, eerstens, dat indien daar 'n verlenging van die kontrakte van die R400 - boere verkry

/sou ...

sou word, aan hulle meer as R400 betaal sou moes word, en tweedens, dat daar aan ander boere, insluitende een "Hollander" (Groothof), nog meer betaal sou moes word om kontrakte van hulle te verkry. Ten spyte van ken= nis van hierdie vooruitsigte, stel Lategan dit aan die boere dat hulle nie moet kibbel oor die R400-mense nie en dat (van) die Hollanders nog gaan huil. Beide van hierdie stellings was klaarblyklik, op hulle minste, halwe waarhede; die ander, versweë helfte, was onwaar. En in beide opsigte het Lategan getuienis afgelê wat verwerp moet word: dat die verlenging van die R400-mense se kontrakte nie meer in die prentjie was nie, en dat hy aan net één Hollander gedink het. Hieruit is 'n erg nadelige afleiding teen die verweerder se hele saak geregverdig.

Die trefkrag van die voorgaande oorwegings is dat dit lei tot die onvermydelike gevolgtrekking dat Lategan nie geskroom het om bewustelik op 'n oneerlike

wyse die boere te mislei ten einde hulle instemming met ŉ bedrag van R360 te verkry nie. Dit synde die posisie, kan ek geen onwaarskynlikheid daarin bespeur dat Lategan een stappie verder sou gegaan het en aan die boere die uitdruklike versekering sou gegee het (wat alreeds by implikasie opgesluit was in sy halwe waarhede) dat nie= mand anders daarna meer as R360 sou kry nie.

Die feit dat aan die eiser en sy groepie tyd gegun is om hulle posisie te oorweeg, doen geen afbreuk aan die voorgaande oorwegings nie, omdat daar geen aanduiding is dat daar in daardie tydjie iets verder sou gebeur wat die boere die ware toedrag van sake sou laat agterkom het nie. Dat hulle uiteindelik tog sou hoor dat ander boere inderdaad meer gekry het, het Lategan klaarblyklik nie gehinder nie, soos blyk uit sy oneer= like optrede waarna ek reeds verwys het. Die afleiding is geregverdig dat die verweerder se amptenare se houding was dat as die boere eers die verlengingskontrakte onder=

/teken ...

teken het, hulle maar later kon kla omdat ander boere meer gekry het, maar dat daar geen nadelige regsgevolge vir die verweerder daaruit sou kon voortspruit nie.

Ek stem dus saam met die bevel gemaak deur my kollega KOTZé.

A.S. BOTHA AR

CILLIé AR    STEM SAAM

47/85

<u>TRANS-NATAL STEENKOOLKORPORASIE BEPERK</u>

en

<u>CHRISTIAAN FREDERICK VAN DER MERWE</u>

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

TRANS-NATAL STEENKOOLKORPORASIE BEPERK Appellant

en

CHRISTIAAN FREDERICK VAN DER MERWE Respondent

Coram: KOTZÉ, TRENGOVE, CILLIÉ, BOTHA, ARR et VIVIER, Wn AR

Verhoor: 13 Maart 1985

Gelewer: 21 Mei 1985

---

U I T S P R A A K

KOTZÉ, AR :

Na oorweging van my ampsbroeder VIVIER se

uitspraak......./2

uitspraak, waartoe ek die voordeel van insae gehad het, het ek tot die besluit gekom dat ek nie kan saamstem dat die appèl slaag nie. In die besonder kan ek, met eerbied, my nie vereenselwig met die bevindinge van my ampsbroeder dat dit nie blyk

> "uit die eiser se getuienis-in-hoof dat enige van verweerder se amptenare uitdruklik"

aan die eiser gesê het dat niemand in die betrokke gebied meer as R360,00 per hektaar sou kry nie en dat die Verhoorregter

> "se kritiek teen die getuienis van Lategan en Becker nie geregverdig is nie, en dat hy gevolglik onvoldoende

gewig........./3

gewig aan hulle getuienis geheg het."

Ofskoon 'n appèl soos die onderhawige, wat afhang van feite, 'n herverhoor van die geskilpunt verg, het hierdie Hof reeds kere sonder tal benadruk dat van 'n verhoorhof se evaluasie van mondelinge getuienis slegs in uitsonderlike gevalle afgewyk word. Hierdie is, na my mening, nie een van die betreklike seldsame sake waar omstandighede soos dié na verwys in Parkes v Parkes, 1921 AD 69 op 75 i f of ander faktore daarop dui dat die Verhoorhof 'n foutiewe konklusie bereik het nie. Met inagneming van die geheelbeeld van die getuienis is ek geensins oortuig dat die Hof a quo fouteer het in sy bevinding nie en ek sal trag om die redes vir my siening so kort as moontlik te stel.

Die betoog wat voor ons aangevoer is ter ondersteuning van die stelling dat die eiser se getuienis gedurende hoof-ondervraging nie pertinent aandui dat 'n voorstelling gemaak is dat R360,00 per hektaar die hoogste prys is wat die verweerder aan boere in die betrokke gebied sou betaal nie en dat die eiser se getuienis niks meer as 'n ongeregverdigde afleiding is van wat deur die verweerders se verteenwoordigers op die vergadering gesê is, berus, na my mening, op 'n verkeerde begrip van ondervermelde passasie in sy getuienis en veral in gedeeltes (a), (b) en (c) deur my met emfase aangedui:

> "Nou goed mnr. van der Merwe nou vertel vir Sy Edele wat daar bespreek is op

die vergadering, gaan maar stadig en vertel sover u kan onthou? -- Ons het toe in mnr. Willie Lategan se kantoor bymekaar gekom en hy het langs, hy het agter die lessenaar gesit en ek het begin deur te sê ons is nie hier met 'n magsvertoon nie, ons kon baie meer gewees het maar ons agt verteenwoordig die persone wat die petisie geteken het asook ander boere op die Vlakte.
En ek het hom gesê dat ons ontevrede is dat ons nie gelyke behandeling kry nie want daar is nou al persone wat kontrakte aangegaan het soveel as R400 per hektaar. Hy het my soort van in die rede geval en die gesprek oorgeneem en gesê dat hy besef dat in 1976 was daar onreëlmatighede met sy agente, sy sogenaamde agente in die veld maar (a) Generaal Mining het nou besluit op 'n vergadering om ons almal R360 per hektaar aan te bied en die aanbieding is finaal en daarby gesê dat ons die R360 per hektaar is

sonder verbruikersindeks U Edele, en hulle wil graag 'n verlenging hê van twee jaar met 'n verhoging van prospekteergelde en ons het nou 'n keuse om die R150 per hektaar plus verbruikersindeks te aanvaar en dit so te hou of die nuwe kontrak van R360 per hektaar te aanvaar. Op daardie stadium, ek weet nie wie dit was nie, ek neem aan dit was mnr. Wierenga, het hom gevra hoe 'n lang tyd is ons gegun om oor hierdie aanbod te besin, en hy het gesê 'n maand tot ses weke. Ek en mnr Marius Buning is daarna uit die vergadering en met 'n rekenaarsmasjientjie gaan rofweg uitwerk as die verbruikersindeks plus-minus 12% is oor die sewe jaar wat sal ons voordele aan hierdie nuwe aanbod wees en ons het na 'n rukkie teruggekom en ek het gesê manne dit lyk my ons "score" omtrent R40 per hektaar. (b) En toe vra ek vir mnr. Lategan, julle bied ons nou R360 per hektaar aan, nou wat van die ouens wat julle dan R400

per......./7

per hektaar aangebied het? Toe sê hy vir my, daardie manne moet ons nou nie mee hare kloof nie, hulle is maar net 'n paar, maar die ander mense sal op die R360 kontrak vas staan.

HOF: Het julle toe aangeneem, lyk dit vir my, dat hulle beleid op daardie stadium was om nie meer te betaal as R360 nie? -- Dit is reg. Op nog 'n vraag wat ek hom persoonlik gevra het, is en wat nou van die manne wat nog nie geteken het nie, verwysende na ons byeenkoms gedurende Januarie 1978 waar hy my gevra het om daardie mense, die Groothofs, die Van der Walt, mnr Van der Walt, mnr. Van Baalen en andere te vra om te teken. Ekskuus, U Edele, ek het hom gevra wat nou van die persone wat nou nog nie geteken het nie, verwysende na daardie manne want hy was bewus daarvan dat ek in 1978 by hom gewees het oor 'n sekere opsie van 'n sekere J.J. Boshoff, en hy het gesê hierdie manne gaan nou huil en ons gaan hulle forseer om te

teken en toe het hy ook vir ons gevra om die ander manne, verwysende na die R150 per hektaar kontrakte, te oorreed om ook die nuwe aanbod te aanvaar want hulle wil graag General Mining 'n verlenging hê van 2 jaar want daar was 'n bietjie probleme met die mynbedrywighede op daardie stadium. Ons het toe opgestaan en ons het tee gedrink en ons was gelukkig en tevrede dat ons nou met ordentlike mense te doen het en ons het nou 'n goeie "deal" gedoen, ons het dan ook behalwe van die R400 per hektaar manne is ons darem nou die R360, ons het darem nou bygekom! En toe vra ek hom, toe ons opstaan, by sy tafel, Willie, ek het hom op sy voornaam genoem want ek ken hom, kan jy alles wat jy nou hier gesê het op skrif stel? Toe sê hy man, ons is 'n groot maatskappy, en moenie my so 'n "stupid" vraag vra nie. Julle kan ons vertrou. En ons is daar weg.

MNR GOLDSTEIN: (c) <u>En wat het u toe geglo van hierdie R360, mnr. Van der Merwe? -- Ek het vas geglo dat niemand</u>

meer as R360 per hektaar op die vlakte sal kry nie.

Nou was daar enige twyfel in u gemoed daaroor? -- Geen twyfel nie."

Mnr Cohen het aangevoer dat die verwysing na "die ander mense" in (b) van die aangehaalde gedeelte klaarblyklik slegs betrekking het op die lede van die R150,00 groep wat nie by die vergadering teenwoordig was nie. Die hele gesprek, so het hy betoog, was beperk tot diegene wat reeds benoemingskontrakte gesluit het. Dit is hoofsaaklik met hierdie konstruksie van die eiser se getuienis wat ek nie saam stem nie. Die verwysing na "ons almal" en "ons" in (a) slaan weliswaar slegs op die eienaars aan wie R150,00 per hektaar betaalbaar was aangesien die keuse om die bestaande

ooreenkomste te behou of die nuwe kontrakte te aanvaar tot hulle beperk was. Maar reeds in (b) stel die eiser ŉ vraag wat wyer strek as die R150,00 groep nl.

> "die ouens wat julle ... R400,00 per hektaar aangebied het"

En die antwoord word selfs wyer as dit gestel:

> "die ander mense sal op die R360,00 vas staan."

Nòg die strekking van die vraag nòg die alledaagse betekenis van die woordgebruik regverdig ŉ beperking van "die ander mense" tot die R150,00 groep. Die "ander mense" verwys, myns insiens, na al die ander mense in die gebied. Dat

dit so is en dat die gesprek oor 'n breë basis beweeg het blyk verder uit die eiser se vraag ten aansien van

> "die manne wat nog nie geteken het nie"

d w s "die historiese weieraars" waarna telkemale in die getuienis verwys word. 'n Verdere en baie belangrike oorweging wat lig werp op wat by die vergadering gebeur het, is dat die eiser

> "vas geglo het dat niemand meer as R360,oo per hektaar op die vlakte sal kry nie"

en dat hy

> "in (sy) gemoed geen twyfel daaroor"

gehad het nie (Vgl (c)). Steeds gedurende hoof-ondervraging word die eiser gevra of hy sou geteken het, indien hy geweet het dat meer as R400,00 aangebied sou word. Sy antwoord is onbestaanbaar met die betoog dat hy 'n blote afleiding gemaak het:

> "Dan sal ek ... nie geteken het nie ... want die versekering is daar duidelik op die vergadering genoem dat niemand meer as R 360,00 per hektaar sal kry nie."

Mnr. Cohen het laasgenoemde antwoord as 'n nagedagte ("afterthought") bestempel - 'n onaanvaarbare standpunt tensy die eiser se geloofwaardigheid (wat, soos later sal blyk, bo verdenking staan) 'n bevinding van oneerlikheid regverdig.

Bostaande oorwegings dui onteenseglik daarop dat 'n stelling dat die eiser 'n ongeregverdigde afleiding gemaak het op 'n wanbegrip van sy getuienis berus. Op die keper bekyk bevestig die eiser se getuienis gedurende hoof-ondervraging duidelik dat die beweerde wanvoorstelling wel gedoen is en die wesentlike vraag wat uiteindelik oorweeg staan te word is of die eiser se getuienis aanvaar behoort te word en of hy die bewyslas in hierdie verband op oorwig van waarskynlikhede gekwyt het al dan nie. Alvorens ek van die wesentlike inhoud van die eiser se getuienis afstap, behoort vermeld te word dat hy aan deurtastende kruis-ondervraging onderwerp is en op 'n stadium toegegee het dat daar by die vergadering van 3 Julie nie 'n wanvoorstelling gemaak is nie maar slegs

"'n voorspelling van die toekoms".

Toe die eiser onmiddellik hierna gevra is waaruit dit bestaan het, het hy as volg geantwoord:

> "Daar is aan ons gesê of besluit of wat hy ookal gedoen het, dat niemand meer as R360 op die Springbokvlakte of die Settlers gebied, wat ons dit ookal noem, sal aangebied word nie en daardie aanbod is nou finaal."

Kort hierna is enige moontlike misverstand in perspektief gestel deur vrae wat die Verhoorregter gestel het:

> "<u>HOF</u>: Maar u het ook gesê mnr. Van der Merwe in u getuienis, is dit dan nie reg nie, dit het gegaan ook dat niemand ... (getuie tussenbeide) --

Niemand........./15

Niemand sal meer kry nie, dit is reg, dit het oor die R150 'n hektaar gegaan, die aanbod is aan ons gemaak, R360 'n hektaar en dit is finaal, niemand sal meer kry nie.

Nee maar het hy nie gesê op 'n stadium dat die R360 sal ook geld vir die persone bykomstig tot ... (getuie tussenbeide) -- Ja tot die vergadering, die mense wat nie daar is nie, wat nog op die plase is met die R150 per hektaar.

Nee maar luister nou, ek wil nie hê dat ons later moet 'n misverstand daaroor kry nie, want die R360 sal nou geld vir julle wat vir R150 geteken het? -- Dit is korrek en vir al die ander mense op die Vlakte wat nog nie geteken het nie."

Ek kan dus nie akkoord gaan met die stelling dat die eiser se getuienis die beweerde wanvoorstelling nie bevestig nie.

Die......../16

Die Verhoorregter, wat per slot van rekening gedrenk was in die verhooratmosfeer en die unieke voordele geniet het wat die beoordelaar van feite in die reël beskore is, se bevinding is, na my oordeel, nie 'n bevinding waarvan hierdie Hof met reg kan afwyk nie. Hierdie oorwegings vereis verder dat die Regter <u>a quo</u> se ondervermelde indruk met hoë ontsag bejeën word:

> "Die eiser het getuig dat hy uitdruklik en spesifiek die versekering van mnr. Lategan gekry het dat nie meer as R360,00 betaal sal word nie. Na lang en herhaalde ondervraging het hy egter sy getuienis ietwat verander deur te sê dat hy afgelei het van wat daar gesê is dat daar nie meer betaal sal word nie. Dit sou hy afgelei het van die bewering dat die ander

'gaan nog huil'. Na my oordeel is dit so dat ŉ behoorlike insig in die kruisverhoor toon dat die eiser uit bloot ŉ toestand van desperaatheid die verandering gedoen het in die getuienis wat hy afgelê het. Die desperaatheid het oënskynlik ontstaan uit die gevoel wat by hom was dat mnr. Cohen nie die antwoorde dat daar uitdruklike waarborge was wou aanvaar nie. Die begrippe van wat gesê is, voorstellings, beloftes en indrukke het mekaar vinnig afgewissel en ek het die indruk dat deur die druk van die omstandighede die eiser nie verstandelik vinnig genoeg kon by bly by die vrae nie."

Voorts, soos blyk uit my ampsbroeder VIVIER se uitspraak, het beide Wierenga en Pretorius (ofskoon in ander woorde en in verskillende volgorde) getuig dat Lategan ŉ versekering gegee het dat niemand meer as R360,00 sou

kry nie. Wierenga, wat MYBURGH, R beindruk het as in "alle opsigte bevredigend", het getuig dat nadat Lategan gesê het die boere wat nog nie geteken het nie "sal huil", hy in antwoord op die direkte vraag

> "sal u meer as R360,00 gee vir enigeen op die vlakte?"

die uitdruklike antwoord gegee het dat

> "niemand gaan meer as R360,00 kry nie".

Pretorius, wie se getuienis volgens MYBURGH, R "moeilik gekritiseer (kan) word", se relaas is as volg:

> " ... die vraag was ook daar gevra

> weer, sal niemand in die toekoms meer as R360,00 ŉ hektaar kry nie en ons het die indruk gekry, daar is vir ons gesê nee R360,00 is die maksimum wat ons kan betaal."

In wese en indien in ag geneem word dat getuienis na verloop van meer as drie jaar gelewer is en dat verskille te wagte moet wees, stem die getuienis van die eiser, Wierenga en Pretorius ooreen. Dat laasgenoemde twee se belange grotendeels met dié van die eiser ooreenstem is duidelik en kon MYBURGH, R skaars oor die hoof gesien het. Hierdie faktor beklemtoon hy weliswaar nie maar sy versuim om dit te doen kan nie tot gevolg hê dat sy indrukke van die getuies se geloofwaardigheid buite rekening gelaat word nie.

Ek........./20

Ek gaan nou oor tot my ampsbroeder VIVIER se bevinding dat MYBURGH, R nie voldoende gevolg aan die getuienis van Lategan en Becker geheg het nie en meld die redes waarom ek nie met sy standpunt akkoord gaan nie.

Wat Lategan betref was die bevinding dat hy

> "vaag en glibberig was ... (en) nie ʼn gunstige indruk gemaak het nie."

Voor MYBURGH, R en ook voor ons is daar verwys na ʼn aantal "onbevredigende aspekte" van Lategan se getuienis. Sommige hiervan het meer om die lyf as ander maar ek vind dit onnodig om daarmee in besonderhede te handel aangesien ek, na deurlees van Lategan se getuienis in sy geheel,

sterk onder die indruk gekom het dat sy getuienis <u>ex facie</u> die oorkonde onbevredigend is. Ek volstaan met 'n enkele opvallende voorbeeld:

Lategan het getuig dat hy op 3 Julie 1979, toe hy versoek het dat daar nie "meer hare gekloof" word oor die R400,00 groep nie, nie in gedagte gehad het dat gemelde groep selfs 'n hoër aanbod in die omtrek van R420,00 mag ontvang nie. As hy dit in gedagte sou gehad het, dan sou sy optrede teenoor die R150,00 groep op "misleiding" neergekom het. Die kruisondervraer het hierna aan hom gevra

> "Ja! Maar jou hele punt is jy het nie geweet ten tye van die vergadering dat u die R400,00 mense gaan verhoog,

dit is wat u nou onder eed vir Sy Edele vertel?

Sy antwoord lui:

"Dit is reeds besluit ons gaan hulle nie verhoog nie."

Laasgenoemde antwoord word nie deur Becker en Linning in hulle getuienis bevestig nie en bots inderdaad met 'n memorandum wat Becker veertien dae voor die vergadering van 3 Julie aan Linning gerig het, waarin 'n strategie voorgestel word dat onderhandelinge met die R400,00 groep agterweë gehou word tot na daar met die R150,00 groep heronderhandel is en waarvan Lategan kennis gedra het. Die relevante deel van die memorandum lui:

"2. Dit moet in gedagte gehou word dat indien ons nou moet onderhandel met die 'R400,00 per hektaar - eienaars', naamlik die wat op u skedule verskyn, dit wil sê Cleverdon, Krinsky, Kriegler en andere, die nuwe prys vir 'n verlenging van 1980 tot 1981/2, minstens in die orde van R420,00 en na R500 per hektaar sal wees.

3. Die probleem word voorsien dat in die 1980/81 jaar daar prospekteerkontrakte met ongeveer 75 ander eienaars, oor 'n gebied groot 21800 hektaar, sal verval. Hierdie eienaars het nog teen R150,00 plus V.I.P. in 1975/76 geteken. Teen 'n gemiddelde styging van ongeveer 75% in die V.I.P. vanaf 1975/76 tot 1980/81, bring dit hul uitkoopprys op 'n bedrag van gemiddels ongeveer R260 per hektaar. Dus 21800 ha x R260 = R5 668 000.

4. Sou ons dus nou in 1979 met die ongeveer 8 "R400 - eienaars", wie saam 'n gebied het groot 3197 hektaar, heronderhandelings aanknoop teen R 420 per

hektaar, dan sal ons beslis vir die 21 800 hektaar ook moet heronderhandel teen minstens R420 PLUS in 1980/81. Sodoende sal ons 'n groot verlies ly in die sin van 'prys voorsprong', verder inagneming van die feit dat 75 eienaars ons beslis sal verwys na die Cleverdon en ander onderhandelings, wat op daardie tydstip wel publiek bekend sal wees.

5. Dit word voorgestel dat ons nou reeds in 1979 begin om met die 'R150 - eienaars' te heronderhandel, ...."

Lategan se erkenning dat verswyging van 'n moontlike hoër bedrag op misleiding sou neerkom, kan nie uit die weg geruim word deur in sy guns te aanvaar dat hy moontlik in gedagte gehad het dat die saak weens 'n verandering van strategie tydelik uitgestel word nie. In die lig van bostaande is Lategan se getuienis dat hy nie "in gedagte

gehad het" dat 'n hoër aanbod aan die R400,00 groep gerig mag word nie, net nie aanvaarbaar nie en met die oog op so 'n ernstige leemte in sy getuienis, is ek geensins oortuig dat MYBURGH, R verkeerdelik tot die konklusie gekom het dat Lategan nie 'n bevredigende getuie was nie.

Sover dit Becker se getuienis betref,is ek insgelyks van oordeel dat daar nie, op appèl, met die Regter a quo se kritiese benadering fout gevind kan word nie. MYBURGH, R verwys in sy uitspraak na 'n gesprek wat Becker met die eiser se vader gevoer het, bevind dat die gesprek

> "'n blote versinsel is ... en (dat) dit ... ietwat van 'n duister, 'n donker wolk, oor sy getuienis"

trek. My ampsbroeder VIVIER meld in sy uitspraak die strekking van die gesprek en spreek die mening uit dat dit 'n natuurlike en te verwagte uitlating is in die omstandighede waaroor Becker getuig het. Indien ek suiwer op die geskrewe oorkonde moes oordeel, sou ek geneë wees om te beslis dat die Regter a quo hierdie faset oorbeklemtoon het. Maar daar bestaan nietemin 'n mate van twyfel oor Becker se eerlikheid in hierdie verband: hy het verklaar dat hy aan die voorval gedink het toe die eiser op 25 en 26 Oktober 1982 getuig het maar dat hy dit eers op 3 November 1982 aan die verweerder se regsverteenwoordigers gemeld het

> "want daar was velerlei ander besprekinge en ek het dit nie nodig geag

op daardie stadium om dit te genoem het nie."

Steeds gedagtig aan die besonder gunstige geleentheid wat 'n verhoorregter geniet by die vasstelling van geloofwaardigheid, is ek geensins oortuig dat Becker se getuienis verkeerd deur MYBURGH, R aangeslaan is nie.

My ampsbroeder VIVIER heg baie waarde aan Linning se getuienis en ag sy verklaring dat die beweerde wanvoorstelling nie gemaak is, en nie gemaak kon gewees het nie, as 'n gewigtige verklaring. Met die sienswyse dat hy 'n geloofwaardige getuie is, kan daar, met eerbied, nie fout gevind word nie - hy word in der waarheid deur MYBURGH, R beskryf as

> "'n baie versigtige getuie en duidelik 'n hoogs intelligente persoon."

Maar met betrekking tot sy getuienis dat die wanvoorstelling nie gemaak was of nie gemaak kon gewees het nie, het ek 'n mate van twyfel. Gedurende hoof-ondervraging is die vraag aan hom gestel

> "was daar van die verweerder se kant enige voorstel op enige stadium aan die boere gemaak dat in die toekoms sal niemand meer as R360,00 per hektaar in die Settlers-gebied betaal word vir mineraleregte nie?"

Die antwoord was nie 'n besliste ontkenning nie en behels 'n <u>argumentum a priori</u>:

"Ek dink nie die verweerder het ooit so 'n belofte gemaak aan enige groep mense op enige stadium nie. Dit sou heeltemal ons besigheid se vaardighede of in elk geval ons besigheidsvoordele benadeel om so 'n belofte te maak want ons neem soveel prospekteerkontrakte op oor die hele land en meestal kry ons niks nie so ons moet ons daarteen beskerm, ons kan nie wanneer ons 'n klomp geld gespandeer het en wanneer almal weet dat ons wel 'n vonds gemaak het, op daardie stadium ons verbind dat almal nou die hoogste prys kan kry want op daardie stadium skiet die pryse natuurlik geweldig op vir die mense wat nog 'n belowende stuk grond het maar nog nie dit verbind het nie."

My indruk, met die deurlees van Linning se getuienis, is dat hy nie rondborstig wou erken dat die klagte van die eiser en sy makkers by die vergadering op 3 Jülie 1979

dat die versekering van "gelyke behandeling" van al die eienaars verbreek is, nie prominent gefigureer het nie. Aanvanklik, gedurende hoofondervraging, was sy weergawe dat dit bloot 'n petisie was of

> "daar nie 'n bietjie meer uitbetaal"

kon word nie. Gedurende sy vroeë kruisondervraging was sy getuienis dat daar

> "nie sprake oor die pryse op die Vlakte en daardie soort van ding (was) nie, daar was net daardie korswil-navraag oor die mense wat nou nog weier."

Hy het vir 'n geruime tyd volhard met die standpunt dat daar nie sprake was van enige onregverdige behandeling nie, die boere het kom soebat en daar was net 'n pleidooi dat

"ons pryse tog maar moet bietjie opsit ... al wat hulle daar kom vra is sonder rede ... kom hulle net sê, asseblief, groot mynmaatskappy, gee vir ons nou meer geld want die jong boere is gou teen die toue."

Later, egter, het Linning sekere toegewings gemaak wat nie strook met bovermelde getuienis nie:

"Die redes wat hulle in gedagte gehad het, die boere, is nou klaarblyklik die soos uiteengesit in die aanvanklike brief en die petisie wat die vergadering voorafgegaan het? -- Dit is korrek.

U sê dit is korrek. Nou ons weet dus meneer dat van die boere se kant beskou, die boere daar was omdat hulle gevoel het hulle is verontreg vanweë die redes uiteengesit in daardie brief en petisie en ons weet dat van u kant beskou u geweet het dat

> ten minste van die boere wel daardie mening toegedaan was en dat hulle dit as die rede vir die vergadering beskou, korrek? -- Dit is korrek."

(Die brief en petisie waarna verwys word is die prokureursbrief met aanhangsel van 12 Junie 1979 waarin dit gestel word dat daar "afgewyk" is van die versekering dat "alle eienaars" R150,00 per hektaar betaal sou word en dat dit 'n syfer is wat "vasstaan"). Linning het ook, tot 'n mate, aan die einde van die kruisondervraging sekere toegewings gemaak dat daar wel 'n vraag gevra kon gewees het dat niemand meer as R360,00 sou kry nie maar hy het volhard in sy ontkenning dat die bevestigende antwoord betrekking kon gehad het op persone wat nie lede van die R360,00 groep was nie.

Die betrokke deel van die oorkonde lui:

"U sien mnr Wierenga getuig dat hy net een vraag op daardie vergadering gevra het en die vraag wat hy gevra het was na aanleiding van die antwoord 'hulle gaan nog huil' en die vraag wat hy gevra het was 'Dus niemand sal meer as R360 kry nie?' waarop dit bevestigend beantwoord is deur mnr. Lategan -- As daar gepraat is van niemand dan was dit beperk tot daardie spesifieke groep waarmee ons onderhandel het. Dit het nie betrekking gehad op enige wyer groep of wyer gebied nie.

Kon daar gepraat gewees het van 'niemand'? 'Niemand sou meer kry nie', in enige konteks? -- Nie in enige konteks nie.

Maar gee u nou aan Sy Edele te kenne dat u elke woord op daardie vergadering gehoor het en elke woord kan onthou wat daar gesê is? -- Ek het

reeds erken dat ek nie elke woord in volgorde kan onthou nie.

Nou wil ek weer vir u vra: was die woorde gebruik, niemand kry meer nie? -- Dit was nie in enige konteks gebruik nie.

Was daardie woorde gebruik? Net op hulleself, niemand kry meer nie? -- Ek kan dit nie onthou dat sulke woorde gebesig was nie.

Kon dit gebesig gewees het sonder dat u dit gehoor het? -- Slegs binne die konteks van daardie groep.

Maar u kan die woorde glad nie onthou nie, in elk geval? -- Dit is korrek.

So u kan nie gaan betwis dat mnr. Wierenga wel daardie vraag gevra het nie? -- Ek kan nie betwis dat hy so 'n vraag gevra het nie.

En u kan nie betwis wat die antwoord daarop was nie? -- Ek kan betwis dat dit nie 'n oop antwoord was nie.

Maar meneer as u nie kan betwis dat die vraag gevra is nie, u sê u kan nie onthou of dit toegelig is nie, hoe kan u dit betwis? -- Omdat daar sekere beginsels is wat ons toepas in die opneem van opsies en die sluit van prospekteerkontrakte en dit was een van die redes hoekom ek by die vergadering was om te kyk of daar iets gebeur wat ons basies bind tot iets waartoe ons nie gebind wil wees nie.

Ja u sê daar behoort nie normaalweg wanvoorstellings gemaak te word nie, daarom is dit nie gemaak nie? Is dit wat dit op neerkom? -- Ek sê wanvoorstellings sal nie opsetlik of nalatiglik deur ons organisasie gemaak word nie.

Behalwe vir hierdie rede is daar geen ander rede op grond waarvan u kan betwis dat daardie vraag gevra sou gewees het en dat die antwoord daarop gegee is soos wat mnr. Wierenga getuig het? Is dit korrek? -- Herhaal dit net

assebliief?

Behalwe vir die rede wat u sopas genoem het, is daar geen ander gronde waarop u kan betwis dat die antwoord op daardie vraag gegee is soos mnr. Wierėnga getuig nie?

HOF: Ja hy weet nou nie presies hoe mnr Wierenga getuig het nie; stel dit aan hom wat mnr. Wierenga gesê het, anders, die getuie weet nou mos nie presies wat die mnr. Wierenga gesê het nie.

MNR. MARITZ: Mnr. Wierenga se getuienis was dat hy die vraag gevra het na aanleiding van die 'huil' antwoord en sy vraag was 'Dus niemand sal meer as R360 kry nie, dit is nou julle prys?' En die antwoord was bevestigend. Nou u het reeds gesê u kan nie betwis dat die vraag gevra is nie, nou stel ek dit aan u klaarblyklik, behalwe die rede wat u nou genoem het, kan u nie op enige ander gronde betwis dat daardie antwoord bevestigend gegee is nie. Is dit reg?

-- Die......../37

-- Die antwoord is bevestigend ... laat ek myself hier net herstel asseblief: die antwoord kon so gelui het.

Ja.

HOF: U meen die antwoord kon so glui het om te sê dat niemand gaan meer as R360 kry nie? -- Dit is korrek maar die bedoeling daarvan was natuurlik die groep met wie ons daar onderhandel het. Hulle, niemand was ten opsigte van daardie groep ten alle tye.

MNR MARITZ: Met die bedoeling klaarblyklik is in 'n man se kop. Boere bedoel een ding en mnr. Lategan bedoel 'n ander ding en u bedoel weer 'n derde ding nie waar nie? -- Ek weet nie of ons hierso van drie dinge praat nie.

HOF: Kyk laat ons die ding nou probeer tog uitsorteer: eers aanvanklik, het mnr. Van der Merwe in sy getuienis gesê dat daar is positief gesê op daardie stadium niemand gaan meer as R360 per hektaar kry nie. Toe onder lang kruisverhoor het hy dit verander,

toe het hy gesê hulle het dit nie spesifiek gesê nie, hy het dit maar afgelei van die feit dat hulle gesê het die mense gaan huil maar mnr. Wierenga, as my geheue reg is, het gesê hy is die man wat die vraag gevra het ten aansien van die weieraars, of hulle nou gaan meer kry, en toe was die antwoord nee, hulle sal nie meer kry as R360 nie. Is dit korrek, dit is die getuienis wat voor my is?

MNR. MARITZ: Mag dit u behaag.

HOF: Lyk dit nie vir u dat hierdie mense was ter sprake, die weieraars, en die hele doel was om te verseker dat ander mense nie meer kry as hulle nie en hulle het toe versekering daar gekry dat daardie mense sal nie meer kry as wat hulle kry nie, R360 nie? -- Dit was nooit tot vandag toe was dit vir my enigsins duidelik of het ek die vermoede gehad dat die doel van daardie vergaderings was om 'n versekering te kry dat ander mense buiten daardie groep nie meer sal kry nie. Die ander mense buite daardie groep,

die onderhandelinge het nie oor hulle gegaan nie, hulle was later ingegooi by wyse van 'n ligte gesprek en dit kon toe, kon daar sulke woorde gebesig gewees het soos mnr. Wierenga beweer maar ek kan dit glad nie onthou nie.

MNR. MARITZ: Nou of dit nou volgens u in 'n ligte gesprek was of nie, vrae is gevra en die antwoorde is gegee en in die lig van die antwoorde wat gegee is, kon die boere daaronder sekere dinge verstaan, of dit nou volgens u in 'n ligte luim gegee is of nie, die boere het daaronder iets verstaan. Die vraag word nie verniet gegee, gevra en 'n antwoord word nie verniet daarop gegee nie, nie waar nie? -- Indien so 'n vraag gevra was en so 'n antwoord daarna sou plaasgevind het, dan aanvaar ek dat die boere iets daaronder verstaan het, dit is korrek.

En die antwoorde wat gegee is sou klaarblyklik vir die boere van belang gewees het met betrekking tot die aspek

> of hulle nou wil teken of nie, anders sou hulle nooit die vrae gevra het nie! -- Ek glo nie en ek dink daardie vraag was meer uit nuuskierigheid gevra."

Linning se getuienis, alhoewel geloofwaardig, dra in die lig van bostaande oorwegings na my mening nie voldoende oortuigingskrag om die eiser se getuienis ten effekte dat die verweerder se amptenare wel die beweerde wanvoorstelling gemaak het, effektief te weerspreek nie.

Laasgenoemde gevolgtrekking word gestaaf deur ŉ gewigtige waarskynlikheid nl dat dit ŉ onbetwiste feit is dat die vergadering van 3 Julie 1979 aangevra is en plaasgevind het as gevolg van die ontevredenheid van die R150,00 groep boere. In die "petisie" wat onder dekking van die

brief van 12 Junie 1979 aan verweerder se besturende direkteur gerig is, word daar gekla dat daar "afgewyk" is van die versekering dat "alle eienaars" R150,00 per hektaar betaal sou word en dat dit ŉ syfer is wat "vasstaan". Dit is op hierdie grond wat die vergadering aangevra is. Dat ŉ versekering van "gelyke behandeling" op aangedring sou word is uiters waarskynlik. En waar die vergadering in ŉ gemoedelike atmosfeer ten einde geloop het, is dit in ŉ hoë mate waarskynlik dat die versekering inderdaad gegee is en dat die boere verkry het wat hulle begeer het. Hierdie waarskynlikheid ontleen verder steun uit ŉ toegewing van Linning, gedurende kruis-ondervraging, dat voor die vergadering reeds aan hom gesê is dat

"hulle glo dat daar 'n onderneming aan hulle gegee was dat gelyke behandeling sal plaasvind."

Soos reeds vermeld beskou ek hierdie as 'n gewigtige waarskynlikheid wat die waarskynlikheid dat Linning, wat 'n wakende oog moes hou dat opsies binne redelike perke bly, op 3 Julie nie sou terugsit nie terwyl Lategan ondernemings ten opsigte van toekomstige pryse maak, oorskadu. Laasgenoemde is per slot van rekening die verweerder se mynregtebestuurder wat as woordvoerder opgetree het en wat meer seggenskap oor geldelike sake sou hê as die raadgewende senior geoloog.

My gevolgtrekking is dus dat MYBURGH, R tereg

beslis......../43

beslis het dat eiser op oorwig van waarskynlikheid bewys het dat 'n wanvoorstelling van verweerder se gemoedstoestand deur sy amptenare gemaak was dat R360,00 per hektaar, met uitsondering slegs van die R400,00 groep, die hoogste prys is wat die verweerder hoegenaamd in die Settlers gebied sou aanbied en dat dit tot sluiting van die ooreenkomste gelei het.

Ten slotte handel ek kortliks met die verwere dat die eiser sy reg van kansellasie verloor het a g v afstanddoening of estoppel. Die gronde waarop die verweerder sigself beroep is as volg:

(a) Gedurende April 1980 en Mei 1982 het die eiser prospekteergelde van die verweerder aanvaar.

(b) OP........./44

(b) Op 5 Junie en 14 Augustus 1980 onderskeidelik het die eiser, met volle kennis van sy regte, die benoemingsooreenkomste notarieël verly en geregistreer.

(c) Verweerder het tot 17 Maart 1981, met die eiser se volle kennis en toestemming, voortgegaan om sy regte ooreenkomstig die ooreenkomste uit te oefen.

Afstanddoening wat (a) betref: Die aanvaarding van die prospekteergelde gedurende April 1980 het, soos Lategan geredelik toegegee het, betrekking gehad op die oorspronklike (1976) ooreenkomste. Die aangevraagde regshulp het slegs betrekking op die wysigingsooreenkomste aangegaan gedurende

Julie 1979, verly op 5 Junie 1980 en geregistreer op 14 Augustus 1980. Gevolglik het die aanvaarding waarop die verweerder sigself beroep geen toepassing in die onderhawige geding nie. Die kansellasie het op 17 Maart 1981 plaasgevind en het die aanvaarding van die prospekteergelde gedurende Mei 1982 voorafgegaan. Toe was die opsegging van die wysigingsooreenkomste deur die eiser reeds 'n voldonge feit. Eiser se optrede gedurende Mei 1982 kon regtens nie gemelde opsegging ongedaan maak nie.

Afstanddoening wat (b) betref: By afstanddoening moet dit

> "duidelik blyk dat die betrokke persoon opgetree het met behoorlike kennis van sy regte en dat sy optrede teen-

strydig........./46

> strydig is met die voortbestaan van sodanige regte of met die bedoeling om hulle af te dwing."

(Per CORBETT, Wn AR in Borstlap v Spangenburg en andere, 1974(3) S A 695 (A) op 704 F-H). Die eiser het getuig, en dit is onbetwis, dat hy verlyding en registrasie nie belet het nie omdat hy vas geglo het 'n onderhoud gereël sou word met dr. Wim de Villiers en dat die aangeleentheid in der minne geskik sou word. Toe verlyding en registrasie plaasgevind het was die eiser nie bewus daarvan nie. Volgens die getuienis van die eiser en Kuschke (die eiser se oorspronklike prokureur), welke getuienis MYBURGH, R aanvaar het, is dit duidelik dat al die wesentlike feite en die omvang van die eiser se regte gedurende 1980 nie

aan die eiser bekend was nie. Dit is onbetwis dat die eiser eers vroeg in 1981 uitgevind het dat Groothof 'n aanbod van R500,00 per hektaar ontvang het en dat hy slegs:

1. Ongeveer 'n week voor die aanvang van die geding (op 25 Oktober 1982) verneem het dat R480,00 per hektaar aangebied is aan sekere boere.

2. Op 25 Oktober 1982 vasgestel het dat Lategan, Becker en Linning reeds ten tye van die vergadering op 3 Julie 1979 bewus was daarvan dat R420,00 plus verbruikersprysindeks aan die R400,00 groep namens die verweerder aangebied sou word.

3. Aan die begin van 1981 van prokureur Martin Brink

verneem........../48

verneem het dat daar reeds voor die vergadering (nl gedurende 1978) R500,00 per hektaar aan Groothof aangebied is.

4. Gedurende Januarie of Februarie 1980 vasgestel het dat van sekere van die "historiese weieraars" opsies verkry is teen "R750,00 en meer" per hektaar.

Bovermelde feite maak 'n belangrike deel uit van die eiser se skuldoorsaak en sy gebrek aan kennis daarvan gedurende Junie en Augustus 1980 verhinder 'n bevinding dat hy afstand gedoen het van sy regte des te meer waar Kuschke getuig het dat hy en die eiser

"nooit ooit ... die kwessie van kansel-

> lasie of terugtrede uit die kontrak bespreek (het) nie."

Dit was, luidens die eiser se getuienis, eers aan die begin van 1981 dat prokureur Martin Brink hom geadviseer het en dat hy vasgestel het dat 'n reg van kansellasie tot sy beskikking was.

<u>Afstanddoening wat (c) betref</u>: Verweerder het geen getuienis hoegenaamd aangebied om die bewyslas in hierdie verband te kwyt nie. Slegs die eiser het hiermee gehandel. Sy getuienis was dat prospekteerwerk op sy grond deur verweerder reeds ongeveer teen die middel van Maart 1979 ten einde geloop het.

Die verweer van estoppel berus op die bewering dat die verweerder, as gevolg van die optrede van die eiser soos in (a), (b) en (c) uiteengesit, daartoe oorgehaal is om tot sy nadeel op te tree. Hierdie verweer kan nie slaag nie en wel op die eenvoudige grond dat op Lategan se eie getuienis geen bewys gelewer is dat die verweerder enigsins anders sou opgetree het indien die eiser nie soos beweer opgetree het nie. Eiser se optrede het dié van die verweerder nie beinvloed nie soos blyk uit ondervermelde uittreksel uit Lategan se kruis-ondervraging:

> "Daar is by julle geen twyfel hoegenaamd dat julle ŉ goeie saak het, is ek reg? -- Dit is korrek.
>
> Dat hierdie klagtes ongegrond

is? -- Korrek

En dat julle hoegenaamd nie die klagtes gaan probeer tegemoetkom nie? -- Dit is korrek.

Is ek reg? -- Dit is korrek.

Goed en daarna meneer, in die chronologiese verloop van sake, het daar 'n vergadering plaasgevind? -- Dit is korrek.

Is dit korrek? En die vergadering is hoegenaamd nie belê om die boere tegemoet te kom nie. -- Nee dit is om 'n proposisie aan hulle te stel.

Ja maar dit is nie belê omrede julle enige twyfel gehad het oor die ongegrondheid van hulle klagtes nie. -- Ja. ...

En julle het gevoel dat die klagtes in die brief van 12 Maart 1980 hoef julle nie eers ernstig op te neem nie, eintlik, nie waar nie? -- Dit is korrek so.

Julle gaan die klagtes en die ongegronde aantygings met hand en tand beveg natuurlik? -- Maar dit is so.

Julle gaan nie hierdie klagtes julle van stryk af laat sit nie, nie waar nie? -- Dit is so.

Korrek. Nou dit staan vas nè dat julle nie bereid was om enigsins 'n samesprekeing te reël tussen die boere en dr. Wim de Villiers? -- Dit is so.

Dit was nie die moeite werd nie? Nie waar nie? -- Dit is korrek.

Nou in Maart van 1981 het daar toe die kansellasiebrief gekom nie waar nie? -- Dit is korrek.

Onthou u dit? -- Ek onthou ja.

En julle houding omtrent hierdie kansellasie was dieselfde as julle houding vantevore? -- Dit is korrek.

Dat 'n mens dit nie eers ernstig hoef op te neem nie? -- Dit is korrek.

Hoef te beskou nie nè? Jy beveg dit hand en tand maar daar is nie die minste kans dat hierdie mense enigsins enige skade aan julle kan doen nie? -- Dit is korrek, dit was 'n bindende kontrak.

Ja, jy het gehoor die prokureurs het vir mnr. Van der Merwe gesê hy

het nie 'n kat se kans nie? -- Dit is korrek.

En dit was julle houding deurgaans? -- Dit is korrek. ...

So julle het nie toegelaat dat kansellasie julle enigsins van stryk af bring nie? -- Dit is korrek ons het dit nie beskou as 'n kansellasie nie.

Ja julle het dit as ongeldig beskou en julle het opgetree asof daar nooit 'n kansellasie was nie? -- Beslis.

Stem u saam? -- Dit is so.

Nou as die kansellasie gekom het meneer, gestel dit het in Februarie 1981 gekom in plaas van Maart, dan sou julle dit ook met minagting bejeën het? -- Beslis so.

As dit gekom het ses maande vantevore, sou julle dit ook met minagting bejeën het? -- Korrek.

En 'n jaar vantevore en twee jaar vantevore? -- Ons het 'n bindende kontrak gehad.

Ja en julle sou nie die kansellasie enigsins as belangrik beskou het ten opsigte van die uitvoering van julle planne nie? -- Dit is so.

Want dit is 'n belangrike kansellasie? -- Korrek.

Right. So die kansellasie, wanneer ookal hy kom, het geen invloed hoegenaamd op die uitvoering van julle regte en julle planne nie? -- Dit is so."

Die appèl word met koste afgewys, insluitende die koste van twee advokate.

APPÈLREGTER

CILLIÉ, AR ) stem saam